

Pretoriana

TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION:
OLD PRETORIA SOCIETY

HERDENKINGSUITGawe R UNDERPEST 1896



PRETORIANA, Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap
Oud-Pretoria, Nr. 109

PRETORIANA, Journal of the Pretoria Historical Association: Old Pretoria
Society, No. 109

Bestuurslede/Committee members:

Mnr/MMr. H.P. Laubscher, Voorsitter/Chairman, tel. (012) 43766

Mnr/Mr W.J. Punt, Ondervoorsitter/Vice-Chairman, Komitee

van Waaksamheid/Committee of Vigilance

Raadslid/Council Member P.J. Olivier, en/and

Raadslid/Council Member K.O. Swanepoel,

verteenvoerders van die Stadsraad van Pretoria/

representatives of the City Council of Pretoria

Mnr/Mr W. du Plessis, Sekretaris/Secretary, tel (012) 322-1725

Mnr/Mr F. Mohr, Penningmeester/Treasurer

Mnr/Mr T.E. Andrews, Redakteur van "Nuusbrief"/Editor of "Newsletter" en
begraafplase/and cemeteries

Mev/Mrs M. Andrews, organisasie van toere/organization of tours

Mev/Mrs M. Bees, aflevering aan poskantoor/delivery to post office

Dr C. de Jong, Redakteur van "Pretoriana"/Editor of "Pretoriana",
tel. (012) 348-3111

Mev/Mrs I. Vermaak, Argief/Archive

Mej/Miss E. Viljoen, organisasie van byeenkomste/organization of functions
, forte/forts

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001

The post office box number of the secretariat is 4063, Pretoria 0001

Die inhoudsopgawe van die onderhawige nommer van "Pretoriana" staan op die
agtersy van die omslag.

The table of contents of the present issue of "Pretoriana" is on the reverse side
of the cover.

Op die omslag/On the cover:

Drawing by Hannes Meiring of the Paul Kruger church in Church Street West,
printed in Hannes Meiring, "Pretoriana 125", Human & Rousseau, Cape Town
1980, p.54. On p.58-62 of this issue No. 109 there is an article of Mr. J.A.
Pretorius on the founding of the Reformed congregation, on p.63 a note of
Hannes Meiring on the Paul Kruger church, started in 1896.

Tekening deur Hannes Meiring van die Paul Krugerkerk in Kerkstraat-Wes,
gedruk in Hannes Meiring, "Pretoriana 125", Human & Rousseau, Kaapstad
1980, p.54. Op p.58-62 van hierdie uitgawe Nr. 109 staan 'n artikel van mnr.
J.A. Pretorius oor die stigting van die Gereformeerde gemeente, op p.63 'n
aantekening van Hannes Meiring oor die Paul Krugerkerk, begin in 1896.

HERDENKING VAN DIE RUNDERPES IN 1896

deur C de Jong

The prayer of the cattle smitten with rinderpest¹⁾

Ours is the meekness that endures,
 Our patience, like a steadfast tree,
 Stands in the torrent-rain that pours
 And sweeps all else to some dark sea.
 The patient bovine race unblest
 Is earth's sad, dumb, pathetic guest.

W.C. Scully

Die jaar 1896 was vir Suider-Afrika 'n rampjaar. Politieke rampe was die mislukte Jameson-inval in Transvaal en die Matabele-opstand in die toenmalige Rhodesië. 'n Finansiële ramp was die ineenstorting van die handel op die Johannesburgse effektebeurs, waar die koers van goudmynaandele diep gedaal het. 'n Ongevalsramp was die geweldige dinamietontploffing op die stasie Braamfontein te Johannesburg in Februarie 1896, waar 'n trein vol dinamiet in die lug gevlieg het. Natuurrampe was die droogte, die sprinkane, die perdesiekte (Horse Sickness, droes, Pferdesterbe) en die runderpes (Cattle Plague, Rinderpest).²⁾ Die laasgenoemde was een van die ergste. Dit het die grootste deel van die beeste en die herkouerwild in Suider-Afrika doodgemaak. Die ekonomiese en sosiale gevolge was katastrofaal en vêreikend. Reeds destyds en lank daarna is die gevolge oorskadu deur die staatkundige krisisse van die Jameson-inval en die naderende Anglo-Boereoorlog. En tans word die herdenking van die runderpes weer oorskadu deur die gespanne staatkundige en sosiale toestande in Suid-Afrika. Dit mag egter die herdenking van die runderpes nie verhinder nie.

Daar is geen twyfel nie dat ook voorheen die runderpes onder beeste gewoed en die ekonomie ontwrig het. Ons weet van die siekte in Nederland in die 18de eeu en in Groot-Brittanje en Rusland in die 19de. Die siekte het net soos ander epidemieë by mens en dier sy oorsprong in Asië, 'n onmeetlik groot wêrelddeel met tallose mense en diere.

Voorspel van die Suid-Afrikaanse runderpes

Die runderpes op Java, hoofeiland in Nederlands Oos-Indië (nou Indonesië) in 1879-1883 is te beskou as 'n voorspel. Die siekte en voorgaande uitbarstings het sy oorsprong in Voor-Indië en/of Maleisië, lande waarmee lewendige handel gedryf is. Daar was toe nog geen bekwame bakterioloë soos Louis Pasteur en Robert Koch wat die siekterverwekkers kon vasstel nie en nog geen entstowwe teen hierdie "epizooty" nie - doeltreffende entstowwe of serums is eers veel later saamgestel. Die siekte het veral op Wes-Java die meeste beeste afgemaai. Daaronder was die trekbuffels, onmisbaar om die rys- en mielievelde te ploeg. Hongersnood het die inheemse bevolking bedreig. Die eerste teenmaatreëls was die doodmaak van besmette beeste, ook al was hulle oënskynlik nog gesond. Die bevolking het opstandig daarteen geword en hul beeste weggesteek. Die tweede maatreël was 'n totale verbod van vervoer, in- en uitvoer van beeste. Smokkelhandel in diere het egter voortgegaan. Die derde maatreël, in 1880 aangekondig, was die oprigting van twee ewewydige bamboescheinings (pagers) met daar tussen 'n veeloos strook dwars oor Java wat Wes-Java van Middel- en Oos-Java moes isolateer. Die heinings is deur militêre streng bewaak. Ook hierdie drastiese ingreep het nie gebaat nie, want riviere en ravyne was gapings in die heinings en moeilik om te bewaak. Die siekte het in 1883 uitgewoed en na 1899 verdwyn. Die aantal beeste het met 227 000 afgeneem (geen totaalsyfer is my genoem nie), waarvan 40 000 doodgemaak is. Die regering het ruim f.14 miljoen uitgegee, waarvan f.250 000 aan skadevergoeding vir die bevolking wat nie kon oes nie en kos moes koop om te oorlewe.⁴⁾

Die siekte verskyn in Afrika

Die runderpes - in Suid-Afrika by voorkeur met die Duitse benaming Rinderpest aangedui - is 'n besmetlike siekte en 'n epidemie onder die herkouers, dit is die beeste en wildsoorte soos bokke, buffels en wildebeeste. Dit word veroorsaak deur 'n virus, vroeër ook mikrobe, bakterie, kiem, protosoön en trypanosoom genoem. Die virus veroorsaak hoë koers en buikloop en na enkele dae of selfs ure 'n pynlike dood. Die siekte word deur lewendende asook dooie beeste oorgedra en is uiter besmetlik. Volgens bewering het Italianers besmette beeste in 1889 uit Arabië ingevoer.⁵⁾ Ook toe was Asië die siektelehêrd. Die epidemie het hom blitsvinnig van noord na suid oor Afrika versprei, in 1890 in

Uganda en Massailand, midde 1892 Njassaland (Malawi), 3 Maart 1896 Bulawayo in Rhodesië, begin April 1896 Mafeking, 500 myl suid van Bulawayo en Noord-Transval, in Oktober 1896 Kimberley. Natal is die laaste gebied wat aangetas is: begin 1897. Betsjoeanaland (nou Botswana), Mosambiek en Suidwes-Afrika (nou Namibië) is net so min gespaar as Kaapland en die Boererepublieke.

Suider-Afrika het volgelê met kreunend sterwende en dooie beeste en hoefwild en met doodgeskiete diere. Die karkasse het grotesk opgeswel. Hulle het afskuwelik gestink en was 'n bron van besmetting. Daar was te baie om almal te begrawe of te verbrand. Begrawe diere is meermale opgegraaf deur mense of roofdiere en hulle en aasvoëls het die besmetting oorgedra. Die epidemie het hom hoofsaaklik langs die paaie versprei waaroor ossewaens en kuddes verplaas is.

Die gevolge van die pestilensie was verskriklik. Melkkoeie was die grootste bron van melk en die prys van melk en suiwel het gestyg. Bees- en wildsvleis het duur geword. Die trekkrug vir transportwaens, ploeë en ander landbouwerktye is merendeels deur trekosse gelewer. Duisende trekosse het op die pad gevrek en die drywers moes waensvol kosbare goedere agterlaat as buit vir diewe wat by gebrek aan trekdiere min kon wegdra. Die vervoer en werk op die akkers het grotendeels tot stilstand gekom. Die goedereproduksie, in- en uitvoer het gestagneer. Talle boere, transportryers en swart volke is volledig geruïneer. Die Nederlandse segswyse uit die rampjaar 1672 was ook van toepassing op Suider-Afrika: Die regering was radeloos, die volk redelloos (deprived of reason), die land reddeloos.

Maatreëls van owerhede en private persone

- (1) **Isolasie** - Die eerste maatreëls teen runderpes wat deur regerings afgekondig is, was die verbod van invoer van beeste en beesprodukte, tensy 'n veearts 'n sertifikaat van onbesmetheid afgegee het. Die afdwing van hierdie verbod het so baie polisiebeamptes vereis en die landsgrense was so moeilik om in die dunbevolkte streke volledig te bewaak, dat die verbode die uitbreiding van die siekte nie gestuit het nie.
- (2) **Heinings** - Daarom het die regerings spoedig 'n tweede maatreël toegepas, wat ook in ander lande soos Oos-Indië geneem is. Dit was die

instelling van 'n "ordon sanitaire". Langs die landsgrense is oor groot afstande dubbelk heinings van doringtakke of ingevoerde doringdraad opgerig om beeste en hoefwild buite te hou. Ook die heinings is bewaak. Die regerings van deelstate in Suider-Afrika het enorm veel geld uitgegee om die heinings op te rig en te bewaak, maar die maatreël het die runderpes enkele maande teengehou en die siekte het daarna verder opgeruk. Vee-eienaars wat hul kuddes teen die siekte wou beveilig, en grootwild het deur die heinings gebreek. In sommige streke het die swart bevolking in die heinings 'n vyandelike maatreël gesien en gepoog om die oprigting daarvan te verhinder of dit afgebreek.

- 8) **Doodmaak van beeste** - Hierdie regeringsmaatreël was nog ingrypender en het nog meer verset van blanke en gekleurde vee-eienaars gewek. Dit was die doodmaak - meestal doodskiet - van besmette beeste, naamlik siek diere, maar ook oënskynlik nog gesonde diere. Die eienaars het daarvoor 'n beskeie skadevergoeding ontvang, ook weer ten koste van die skatkis en die belastingbetalers. Die maatreëls is op groot skaal toegepas en tienduisende beeste is in Suid-Afrika doodgemaak. Daar is foto's waarop die veld vol doodgemaakte beeste lê en dit is nie altyd duidelik of die diere aan die siekte gesterf het of wel doodgeskiet is nie; hulle maak almal 'n naargeestige indruk.

Ook hierdie maatreëls het die opmars van die runderpes nie gestuit nie. Soos hierbo geskryf, daar was te veel dooie diere om hulle almal te begrawe of te verbrand. Talle het in die veld bly lê en 'n bron van besmetting geword deur roofdiere en mense wat van die vleis van dooie beeste geëet het. Bowendien het die doodskiet van oënskynlik gesonde beeste verset ondervind. Die redes hiervoor, veral by die gekleurdes, was dat hulle onvoldoende vanweë die owerhede ingelig is, dat hulle die skadevergoeding vir hul vee, waardevolste besit, te min gevind het, en dat daar 'n algemene geloof onder gekleurdes was dat die blankes opsetlik die siekte versprei het om die gekleurdes hul vee af te neem en hulle te noodsaak om loondiens by blankes te verrig. Dat ook blankes swaar deur die epidemie getref is, het die gekleurdes nie aangespreek nie. Die gemis van beeste vir vervoer en grondbewerking het die gekleurdes met hongersnood bedreig. Dit is verstaanbaar dat hulle die beampies wat hul

vee moes doodskiet, ernstig bedreig het en hul beeste weggedryf het - by voorkeur na nog onbesmette streke - om die doodmaak te voorkom.

- (4) **Boererate** - Talle blanke en gekleurde boere het vanouds hul huisdiere self gedokter met boererate as geneeswyses toegepas. Hulle het meestal min of geen vertroue in veeartse en hul medisyne gehad. Ook teen die runderpes het hulle boererate gebruik en dikwels die vreemdste brouses aan hul beeste toegedien. Selfs regerings het ten einde raad geneeswyses bekend gemaak wat niks anders as boererate was nie. Byvoorbeeld President Kruger het amptelik aanbeveling gedoen van dosisse podopyllin (uittreksel van ranunculuswortels), gevvolg deur 'n uittreksel van tabak (vir talle boere 'n wondermiddel) en petroleum.⁶⁾ Ook na algemene erkenning van die verdienstes van veeartse en hul serums het boererate altyd gewild gebly.
- (5) **Gebedsdienste** - Op voorstel van kerkgenootskappe het regerings bepaalde dae tot gebedsdienste opgeroep waarop burgers hulle verootmoedig het voor God en gebid het om die runderpes af te wend, soos ten tyde van knellende droogte dikwels gebedsdienste gehou is om daarin om reën te bid. In Transvaal is in 1896 en 1897 verskeie gebedsdienste gehou waarin talle burgers byeengekom het. Bedienste op dae van verootmoediging is onder meer gehou in Transvaal op 16 Oktober 1896 en 3 Oktober 1897 aan in die Kaapkolonie op 15 Oktober 1897.
- (6) **Immunisering** - Enkele jare tevore het Louis Pasteur (1822-95) die bakterië/mikrobes ontdek en begin met serums, vaccines of entstowwe teen siektes deur mikrobes veroorsaak, te vervaardig. Hy het die Pasteur-Instituut in Parys gestig waar bekwame bakterioloë opgelei is. Na sy dood het sy profetemantel geväl op die Duitse medikus Robert Koch (1843 - 1910). Hy is die ontdekker van die mikrobes wat miltvuur (Anthrax) by beeste en tuberkulose en cholera by mense veroorsaak. Die koorstermometer en die mikroskoop het die belangrikste instrumente van die nuwe skool van medici geword. Die geskiedskrywers van die runderpes gee gewoonlik die meeste aandag aan die korifeë onder die artse wat die siekte bestry het; hulle was Robert Koch en Arnold Theiler, die eerste op die hoogtepunt, die tweede aan die begin van sy roemryke

loopbaan, maar hulle vergeet te dikwels die ander diereartse in hierdie kritieke jare. Ook hulle het maandelank geswoeg, baie ure per etmaal, ver van gerieflike woonplekke in hitte en kou in wilde streke vol siektes soos malaria, ngana en buikloop en vol gevaarlike tiere en mense, besig om siek beeste dood te maak of in primitiewe laboratoria te eksperimenteer met die kweek en oordrag van mikrobes van siek op gesonde beeste en met die vind van 'n deugdelike entstof teen die runderpes. Hulle het hiervoor min dank ontvang, want die meeste leke het die doodmaak van beeste en die laboratoriumwerk van veeartse as gemors van geld beskou en Staatsveeartse nutteloos en nodeloos gevind. Gelukkig was daar altyd 'n klein, dog invloedryke groep leke wat die moeisame en tydsame werk om siektes te diagnostiseer en 'n entstof daarteen te vind, gewaardeer en die diereartse ondersteun het.

Ek noem van die artse hier E.C. Gray, gegradeer in Edinburgh, wat in Suider-Afrika geen werk as dierenarts kon vind nie en telegrafis in Rhodesië geword het, totdat die runderpes oor die land gekom het en die Chartered Company hom van telegrafis Staatsveearts gemaak het; Alexander Edinton, die eerste bakterioloog in Suider-Afrika, wat sy gerieflike laboratorium in Grahamstad moes verlaat om met beeste en baterieë te eksperimenteer in die ver verlate vlaktes van Noord-Kaapland by Taung; Duncan Hutcheon, Staatsveearts van die Kaapkolonie, wat met Soga as assistent in Noord-Kaapland⁷⁾ siek beeste moes opspoor en diere doodmaak, terwyl hul lewe deur vertoornde beeste-eienaars bedreig is; Herbert Watkins-Pitchford, pas afgestudeer in Engeland in Julie 1896 sonder ervaring aangestel as Principal Veterinary Surgeon van Natal; en as laaste, maar nie die minste nie, Arnold Theiler (1867-1936), as dierenarts afgestudeer in Switserland, in 1891 geïmmigreer in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), genoodsaak om vee-opsiener te Irene te word, waar die ramp van die verlies van sy linkerhand hom tref, in 1893 aangestel as veearts by die Randse Gesondheidsraad, waar sy eerste taak bestryding van droes of perdesiekte (glanders) as matig geagte "horse doctor" was.

Toe die runderpes steeds meer slagoffers maak, het die regerings in Suider-Afrika ook hulp by dierenartse en bakterioloë in die buiteland gesoek.

Natal het die onervare, maar talentvolle Pitchford in diens geneem. Die Kaaplandse regering het die beroemde Robert Koch gevra. Hy het met twee assistente op 1 Desember 1896 aangekom en terstond na Kimberley vertrek, waar De Beers diamant maatskappy laboratoriumruimte aan hom beskikbaar gestel het. Hy het daar geëksperimenteer en binne enkele weke 'n entstof, gevind, gal van besmette beeste wat hy in gesonde diere ingespuit het. Hy is as triomfator gehuldig. Reeds in Maart 1897 het die Duitse keiser Wilhelm hom na Brits-Indië gestuur om daar die "bubonic plague", die pes by mense, te help bestry. Die keiser wou naamlik die slechte indruk wat sy gelukwensung aan President Kruger met die mislukking van die Jameson-inval op die Britte gemaak het, uitwis. Spoedig het gevlyk dat Koch se entstof slegs tydelik en by 'n deel van die beeste immuniteit teweeg bring het en sy roem het verbleik. Hy was daaroor teleurgestel. Sy werkzaamhede het hom belet om Suid-Afrika weer te besoek. Tog was daar veeartse en leke wat voortgegaan het om sy serum te berei en te gebruik, onder andere Edington.

Intussen het Theiler in November 1894 teruggekeer na Pretoria en daar 'n klein plaas in Les Marais, gekoop. Sy ega met wie hy in 1893 getroud is, het daar met varke en hoenders geboer en hy het gewerk as private veearts en geëksperimenteer in 'n primitiewe laboratorium op sy plaas. By die uitbreek van runderpes in Translimpopo, spoedig Rhodesië genoem, het die ZAR-regering wakker geskrik en Theiler as private veearts na Bulawayo gestuur. Hy het na 'n avontuurlike reis teruggekeer en gerapporteer dat die epidemie in Rhodesië inderdaad die gevreesde runderpes was. Spoedig daarna, op 13 Mei 1896, is hy benoem as Staatsveearts van die ZAR. Hy het in die eensame streek van Marico in Wes-Transvaal met beeste geëksperimenteer om 'n serum te vervaardig. Watkins-Pitchford is deur die Natalse regering na die ZAR gestuur en hy het Theiler in Marico bygestaan. Hulle het resultate gekry met inspuiting van bloed van besmette beeste en van beeste wat van die runderpes herstel het, beter resultate as wat Koch in dieselfde maande bereik het, maar Koch het eerder publisiteit en daarmee die primeur gekry.

Die ZAR-regering het Theiler teruggeroep na Pretoria om saam te werk met twee lede van die Pasteur Instituut in Parys, Jean Danysz en Jules

Bordet. Die twee Franse is deur die ZAR-regering genooi. Pitchford het nog 'n tydjie in Marico voortgewerk en na Natal teruggegaan. Theiler, Danysz en Jules Bordet het tesaam gewerk op die plaas Waterval by Pretoria om die serum te verbeter. Onder die veeartse het toe die Duitse rigting ontstaan wat die galentstof van Koch die beste geoordeel het, en die Franse rigting van die Pasteurwerkers op Waterval wat die bloedinenting as die beste entstof beskou het.⁸⁾

In 1897 het die ZAR-regering die twee Franse met dankbetuiging ontslaan en het die runderpes geleidelik afgeneem, omdat dit blykbaar uitgewoed was. Daar is uiteenlopende syfers oor die sterfte. In publikasies word aangegee dat 4,5 miljoen beeste in Suid-Afrika gevrek het dit was sowat 90% (miskien te hoog?), dat in Transvaal $\frac{2}{3}$ van die beeste omgekom het, in Natal minder, in die Kaapkolonie 580 000 van die 1,64 miljoen beeste, dit is 35%, maar in Transkei wel 90% (Van Onselen, t.a.p. p. 484). Die swartes het waarskynlik veel meer beeste as die blankes verloor, omdat (a) beeste van verskillende swart eienaars gemeenskaplik gewei en mekaar besmet het, (b) sommige swartes inenting gewantrou en vermy het en (c) ingeval van skaarste van entstof beeste van blankes voorkeur bo beeste van swartes gekry het.

Theiler het Staatsveearts gebly, ondanks opposisie in en buite die Volksraad, hy is verdedig deur leiers soos President Kruger en Louis Botha en het voortgegaan met sy werk in 'n eenvoudige laboratorium op Daspoort. Die runderpes het afgeneem en hy het sy aandag weer gerig op 'n serum teen die perdesiekte wat gebly het. Na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 is hy opgeroep om militêre diens aan die Natalse front te verrig, in die eerste plek om die perdesiekte te bestry. Na die besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 deur die Britse militêre het hy hom tot hul beskikking gestel en hulle het sy dienste gretig aanvaar en gewaardeer. Weens die invoer van duisende perde en muile wat nie geakklimatiser was nie en die ongekontroleerde beweging van beeste in die land wat deur oorlog en verwoesting ontredderd was, het orals dieresiektes opgevlam. In 1901 het dan ook die runderpes herverskyn in Oos-Transvaal en Theiler is ylings te hulp geroep. Weens tydelike tekort aan serum uit bloed vervaardig het hy toe weer Koch se

serum uit beesgal berei. Na die oorlog het 'n magdom van veesiektes Suider-Afrika nog tale jare gekwel, maar die runderpes het in 1904 of daaromtrent verdwyn en tot dusver weggebleeg.⁹⁾

In Oos -Afrika het die siekte voortbestaan en hom gelukkig nie weer na Suider-Afrika uitgebrei nie. Intussen het die navorsing en eksperimente om die gebruikte serums te verbeter voortgegaan. Ook Britte het daaraan bygedra. Eers in die jare 60 is serum met die hoogste graad van doeltreffendheid saamgestel.

- (7) **Konferensies-** Diereartse en owerheidspersone uit deelstate van Suider-Afrika het enkele male bymekaar gekom om die bestryding van die runderpes te bespreek. Die eerste konferensie was te Mafeking in April 1896, die tweede was te Vryburg in Augustus-September 1896, die derde was te Pretoria in Julie-Augustus 1897 kort na die publikasie van die vonds van 'n serum deur Theiler, Danysz en Bordet. Op die eerste twee konferensies was daar eenstemmigheid oor die afwysing van boererate en oor aanbeveling van inenting met 'n serum ter immunisering. Op die derde konferensie was daar groot meningsverskil tussen die aanhangers van Koch se serum uit beesgal en die aanhangers van die serum uit bloed van Theiler, Danysz en Bordet, met ander woorde tussen die Duitse rigting en die Franse.¹⁰⁾
- (8) **Invoer van trekdiere -** Die regerings in Suider-Afrika het groot bedrae bestee aan die invoer van trekdiere of het private invoerders daarvan ondersteun. Weens die perdesiekte is geen perde ingevoer nie, maar wel muile uit Noord- en Suid-Amerika, wat ietwat minder aan perdesiekte (droes) onderhewig was, en veral donkies, wat nie aan perdesiekte ly nie. Maar donkies is veel swakker as osse en muile en hulle is dikwels te swaar belas en het dan die siekte vrotpoot gekry. Die ingevoerde trekdiere was duur en kon die trekkers slegs onvolledig vervang. Bowendien het ingevoerde diere weer siektes saamgebring.
- (9) **Meganisering van vervoer -** Stoomkrag was algemeen bekend en is buite Afrika op groot skaal toegepas. Die binnebrandmotor was baie nuut en het nog geen bydrae gelewer nie. In 1996 word herdenk dat in Suider-Afrika die eerste outomobiel ingevoer is. Dit was 'n Benz uit Duitsland

en dit het sy eerste demonstrasie in Pretoria gehou. Samuel Marks as private ondernemer het enkele stoomtrekkers ingevoer om landbouwerktuie te trek.¹⁰⁾ Eers na die Anglo-Boere-oorlog is daar meer daarvan ingevoer. Hulle is spoedig oorvleuel deur die trekker met binnebrandmotor. Ook na die runderpes het die trekkers nog talle jare die meeste trekkrag gelewer.

Die runderpes het die aanleg van spoorweë bevorder. Na 1896 is die spoorwegnet in Suider-Afrika vinniger as voorheen uitgebrei. In Transvaal is in 1897 en volgende jare die aanleg van die Suidwesterlyn van Krugersdorp na Klerksdorp, die Selatilyn en die Noorderlyn van Pretoria na Pietersburg aangepak.

Gunstige gevolge van die runderpes

Die runderpes was 'n nasionale ramp met vêrstrekende ekonomiese en sosiale gevolge, maar het ook enkele gunstige uitwerkings gehad. Hulle is:

- (A) Vooruitgang van die diergeneeskunde - Op voorgaande bladsye is verwys na die bedrywighede van Robert Koch, Arnold Theiler en ander diereartse en bakterioloë wat siektes gediagnoseer en serums daarteen vervaardig het. 'n Nuwe tydperk van vooruitgang in die diergeneeskunde het aangebreek. 'n Hoogtepunt in die ontwikkeling in Suider-Afrika was die stigting van die serumlaboratorium en fakulteit vir diergeneeskunde op Onderstepoort by Pretoria. Theiler en sy na die oorlog vergrote aantal medewerkers het van 1897 tot 1908 gewerk in die laboratorium te Daspoot, maar die terrein was te klein en ongesond. Siektes en insekte het mens en dier daar gepla, soos vlieë, muskiete, ingewandskoors en malaria. Toe generaal Louis Botha, 'n boer en sedert jare Theiler goed gesind, 1907-10 eerste minister van Transvaal was, het hy die plaas Onderstepoort laat koop om aan Theiler 'n beter plek te verskaf. Die plek was gesonder en digby 'n spoorlyn vir die in- en uitlaai van beeste en benodigdhede. In 1908 is die tans wêreldbekende inrigting vir serumvervaardiging en veeartsenykunde op Onderstepoort gestig.
- (B) Verdwyning van die tsetsevlieg - Dit was 'n onverwagte gevolg. Die pes het beeste en hoefwild in Suider-Afrika hewig uitgedun en daardeur het die vlieg wat van hul bloed leef en die dodelike nganasiekte versprei,

grotendeels verdwyn. Uitgestrekte gebiede het vry van die plaag geword,¹²⁾ maar in die jongste dekades het weens ontreddering deur interne oorlog hier en daar die vlieg weer verskyn.

- (C) Meganisasie van vervoer - Die uitbreiding van spoorweë vir stoomvervoer en die outomobielvervoer is deur die runderpes kragtig bevorder, omdat hierdie meganiese transport die mense onafhanklik gemaak het van trekdiere wat onderhewig aan ernstige en dodelike siektes was.
- (D) Samewerking binne Suider-Afrika - Volgens sommige historici het die epidemieë die mense in Suider-Afrika, veral op ander as staatkundige gebied, nader tot mekaar gebring en geleer om saam op te tree teen gemeenskaplike gevare deur die Natuur geskep. Aldus is die gees van toenadering en samewerking wat tydens die runderpesjare ontstaan het en deur die Anglo-Boere-oorlog nie vernietig is nie, versterk. Dit het bygedra tot die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Die samewerking van Theiler met vakgenote en owerhede in 1896-1910 is hiervan 'n duidelike bewys.

Verwysings


- 1) Aanhaling uit William Charles Scully, "Further reminiscences of a South African pioneer", T Fisher Unwin, London-Leipsic 1913, p.321
- 2) Meestal in Engels en Afrikaans "rinderpest"naar Duits Rinderpest genoem. dit is afgelei van Rind in Duits, rund in Nederlands, dit is bees. Engels runt is 'n ondermaatse dier, onder meer bees,
- 3) Thelma Gutsche, "Tiere was a Man, The life and times of Sir Arnold Theiler KCMG", H. Timmins, Kaapstad 1979, skryf op p.104 tereg: "Like the Irish Famine on which the general (British) public - and Queen Victoria - turned a blind eye, the ravages of Rinderpest were never fully assessed ecologically. As much as the Jameson Raid veiled the approaching pandemic, the Boer War obscured the changes it wrought."
- 4) "Encyclopaedie van Nederlandsch Indië" deel 4, tweede deel, uitgewers M. Nijhoff en E.J. Brill, 's-Gravenhage en Leiden, jaargang? p.522; letterkundige bron: Hella Haasse, "Heren van de thee", 1992.
- 5) C. van Onselen, "Reactions to rinderpest in Southern Africa, 1896-97", in

- "Journal of African history", volume 13 nr.3, p.475-488, spesiaal p.475.
- 6) Gutsche, "Tiere was a Man", t.a.p. p.99-100.
 - 7) Thelma Gutsche, artikel Soga, Jotello Fedini, Transkei 1865 - Oos-Londen 1906, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1977, p.765-767. Hy was 'n seun van Rev. Tito Soga en die Skotse dame Janet Burnside. Hy en sy drie ouer broers het op koste van die Verenigde Presbiteriaanse Kerk in Skotland onderrig ontvang. Hy het in 1886 sy graad as dierearts in Edinburgh ontvang en was die eerste gebore Suid-Afrikaner wat as dierearts gekwalifiseer het. Hy het assistent van Hutcheon, Staatsveearts van die Kaapkolonie, geword en is deur blankes en gekleurdes geprys om sy ywer, bekwaamheid en vriendelikheid. Hy was van 1889 tot 1899 baie aktief, onder meer by bestryding van runderpes. Toe het sy gesondheid versleg en hy het uitgetree. Daarna het hy in beperkte omvang privaat gepraktiseer. Hy was in 1905 medestigerslid van die Veeartsenykundige Mediese Vereniging van die Kaap die Goeie Hoop en het in 1906, slegs 41 jaar oud, gesterf aan 'n oordosis laudanum, dit is 'n pynstillende, slaapwekkende medisyn.
 - W.C. Scully berig in sy boek "Further reminiscences of a South African pioneer", t.a.p., p.323, dat hy Soga geassisteer het by runderpestbestryding in die oostelike Kaapkolonie: "Soga was of incalculable use to me in the early stages of the trouble. He worked in a most self-sacrificing manner, teaching me and a small but devoted band of helpers all that was to be learnt about bile cultivation (Koch se wyse van inenting, C de J) and inoculation. But after a time his mind seemed to give way under the strain. He took to drink and began obstructing the work. When I took him to task he threatened to shoot himself; on one occasion I actually stopped him from putting this threat into execution - just in the nick of time. Subsequently he took to wandering about among the kraals, raking up old feuds and talking to the people about war. I put a stop to this and sent a telegram to the Secretary of Native Affairs, saying that he was grossly mismanaging things and that the district was being ruined. With the concurrence of the Chief Magistrate at Umtata I sent him over the border into the (Cape) Colony."
 - 8) Uitvoerige verslag deur Thelma Gutsche, "There was a Man", t.a.p. hoofstuk

"Crisis 1897", p.104-115.

- 9) C.F.B.H., artikel Theiler, Arnold, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, RGN, Pretoria 1972, p.733-737.
- 10) T.Gutsche, "There was a Man", t.a.p., p.104
- 11) T.Gutsche, "There was a Man", t.a.p., p.90, 94-95, 113-115.
- 12) U.de V.Pienaar, "Die rol van die tsetsevlieg, malaria en die runderpest-epidemie van 1896-97 in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Laeveld", in U. de V. Pienaar, "Neem uit die verlede", Nasionale Parkeraad, Pretoria 1990, hoofstuk 114, p. 2791 e.v.

The model in clay prepared by Steynberg in 1937 for the commemorative statue.



Die Pretoriase beeldhouer Coert Steinberg by sy model vir die standbeeld van Arnold Theiler in 1937. Die beeld is geplaas voor die hoofgebou van Onderstepoort. Steinberg volg die tradisie om geleerde sittende weer te gee.

Uit: Thelma Gutsche, "There was a Man", H. Timmins, Kaapstad 1979.

GEDIG VIR DIE SLAGOFFERS VAN DIE RUNDERPEST

William Charles Scully , welbekend met die veearts Soga, het in sy boek "Further reminiscences of a South African pioneer" (T. Fisher Unwin, London-Leipsic 1913, p.310-312) herinneringe aan die runderpest en 'n gedig oor die epidemie gepubliseer.

THE PRAYER OF THE CATTLE SMITTEN WITH RINDERPEST.

O Lord of Heaven, throned on high,
 Above the clouds, above the sun,
 Look downward with all-seeing eye-
 Glance hither, our dismay upon.
 Shed from Thy seat of boundless power
 Regard on this, our passion-hour.

For, think: but yesterday the wold
 Was starred with happy, mild-eyed kine;¹⁾
 Fair oxen throuoh bright pastures strolled
 (Dread Lord, Thou saidest we were Thine);
 The strong bulls genclered in their heat,
 Commanded from Thy Mercy Seat.

But, Lorcl of pity, Lorcl most just,
 Thy biting wrath to-day hath smitten
 Our helpless host; prone²⁾ in the dust
 We lie. Lord God, Thy word stands written -
 That Word of ruth Thy strong voice hurled,
 Which, like a mantie, wrapped the world.

1) archaic plural of cow

2) vooroorliggend

We pray not to Jehovah fierce,
 Whose altars reeked with guiltless blood;
 No pity could His hard heart pierce
 Who, ruthless, 'whelmed the world in flood,-
 To whose keen nostrils now arise
 The steams of this sad sacrifice.

But Thou, the Christ who, 'neath a load
 Of sin and sorrow bent Thy neck,
 Who bore on Calvary's steep road
 The Cross that stemm'd creation's wreck -
 Though men who wear Thy badge deny
 Thy Name, upon that Name we cry.

Of sparrows, Lord, Thou tak'st the tale;
 O, many sparrows' worth are we.
 Stem Thou the tide of this travail
 Which 'whelms us like a burning sea,
 Which makes our breath a fire to slay
 Our fellows, Lord, Thy strong wrath stay.

Men crucified Thee; men to-day
 Defile Thy all-embracing Church.
 We know not sin; our humble way
 Leads not e'en to Thy Temple's porch.
 We are as those Thy kind Hand raised,
 Thy poor, that hence Thy Name have praised.

Ours is the meekness that endures;
 Our patience, like a steadfast tree,
 Stands in the torrent-pain that pours
 And sweeps all else to some dark sea.
 The patient bovine race unblest
 Is earth's sad, dumb, pathetic guest.

Sue for us now, Lord Christ, mild Son
 Of yon dread Father throned apart.
 Sue for us now, O pitying One,
 Till Thy sweet pity rend His heart.
 Sue for us, Christ, compassionate,
 Melt with Thy tears the eyes of Fate.

The hour is late, our sun sinks low
 Behind a storm-red western cloud;
 Though Death be swift, his steps seem slow;
 Pain wraps us in a burning shroud,
 Plead for us, O compassionate -
 Plead for us, Christ - the hour is late.

Scully voeg by dat die gedig geïllustreer is deur G. Denholm Armour en op 'n opvallende plek in die tydskrif "Pall Mall Magazine" gedruk is; hy noem nie die nommer en datum van die tydskrif nie. Hy berig op p.322 dat die vierde strofe weggelaat is, ongetwyfeld omdat daarin 'n skerp aanval op Jahwe, God van Oud-Israel, staan weens die talle beeste wat geslag en op Sy altare geoffer is. Scully berig: "I should, perhaps, mention that the fourth verse of the forgoing (poem) did not appear (in the "Pall Mall Magazine"). Lord Frederick Hamilton, the editor of the magazine, gave it anxious consideration, but came to the conclusion that some of his readers might object to it."

LEWENSKETS VAN DR. AART JURRIAANSE, DEEL I

deur C. de Jong

Afkoms en jeug

Die vader van Aart Jurriaanse het die naam van Jurriaan Jurriaanse gedra. Jurriaan is een van die Nederlandse vorme van George, in Duits Jürgen. Hy is gebore te Rotterdam op 16 Mei 1842 en is daar oorlede op 24 April 1915. Die moeder van Aart Jurriaanse was Wilhelmina Philippina Vogel, gebore te Rotterdam op 10 April 1845 en oorlede te Kralingen op 10 September 1879. Hulle het ses kinders gekry, te wete:

Jan Hendrik, gebore op 22 November 1866

Johanna Frederika, gebore op 18 Januarie 1869

Jurriaan, gebore op 10 Augustus 1871

Aart, die hoofpersoon van die onderhawige lewenskets, gebore op 19 November 1873, oorlede te Pretoria op 22 Mei 1970

Adriaan Ernst, gebore op 21 Julie 1977, opgelei tot werktuigkundige ingenieur te Delft

Jurriaan Jurriaanse Senior is in Rotterdam hertroud met Anna Helena van der Sluys, gebore te Rotterdam op 23 Januarie 1858 en daar oorlede op 25 Maart 1897. Uit die tweede huwelik is gebore:

Simon Jurriaan, gebore op 21 Desember 1894

Anna Helena, gebore op 18 Februarie 1897, oorlede te Rotterdam op 3 Januarie 1915.¹⁾

Jurriaan Jurriaanse Senior was graafaktor en welgestelde koopman. Hy en sy gesin het behoort tot die nogal eksklusieve kringe van kooplui en reders in die Nieuwe-Maasstad Rotterdam en was bevriend met vooraanstaande families soos Pleyte, De Monchy en Knottenbelt. Die gesin was jarelang gevestig op no. 127 aan die noordekant van die Wijnhaven, waar welgestelde stadsburgers gewoon het. Die gesin het in April 1878 verhuis na 'n tweeverdiepinghuis aan die Oudedijk in Kralingen. Dit was 'n dorp digby die oostekant van Rotterdam,

in 1895 ingelyf by die munisipaliteit Rotterdam. In die laaste kwart van die 19de eeu het welgestelde stadsburgers hulle graag in die landelike omgewing van Kralingen gevestig.

As godsdiens van die gesinsvader is die Doopsgesinde vermeld, maar Aart Jurriaanse was nooit godsdiestig nie. Hy het net soos sommige van sy broers 'n deeglike skoolopleiding ontvang. Hy is in Julie 1884 op die jong leeftyd van 12 jaar toegelaat tot die eerste klas van die Erasmiaansch Gymnasium in sy geboortestad. Die gymnasium in Nederland het ses jaar lank in tale studievakke opgelei, onder meer in die tale Grieks, Latyn, Nederlands, Frans, Duits en Engels, aardrykskunde, geskiedenis - ook van die Oudheid - en eksakte vakke. Die gymnasium was destyds die erigste voorbereiding vir die universiteit en het hoe eise aan die leerlinge gestel. Aart Jurriaanse moes dan ook die derde van die ses klasse herhaal. Hy het in Julie 1892 die einddiploma verwerf.²⁾ Die Nederlandse gymnasium het breed ontwikkelde intellektueles en wetenskaplik goed voorbereide mense opgelewer.

Aart Jurriaanse is op 26 September 1892 ingeskryf as student in die mediese wetenskap in die Rijksuniversiteit te Leiden en het tydens sy studie in Leiden gewoon.³⁾ Van sy studietyd is my geen besonderhede bekend nie. Wel was hy as jongman deelnemer aan sport. Hy het goed geleer om perd te ry, wat hom in Suid-Afrika enkele jare later goed sou pas, en hy het 'n seilbootjie besit waarmee hy op die klein Kralingse plas geseil het. Tydens sy verblyf in Oos-Transvaal in die oorlog in 1900 het hy hom afgevra in watter toestand sy boot nou sou verkeer.

Hy is in 1897 of 1898 in Leiden as medikus afgestudeer en het sy studie voltooi in die Universiteit te Wenen.⁴⁾ In Wenen het hy waterterapie bestudeer. Hy het vermoedelik nog geen of slegs kort praktyk uitgeoefen, toe op 11 Oktober 1899 die oorlog tussen Groot-Brittanje en die Boererepubliek uitbreek. Hy was toe al arts maar nog nie MD nie. Hy is vermoedelik aangegryp deur die algemene geesdrif in Nederland vir die saak van die stamverwante Boere en deur sy avontuurlus wat hom in sy hele lewe bygebly het. Hy het hom nie by een van die Europese ambulanse wat na Suid-Afrika vertrek het, aangesluit nie, want daarvoor was sy aard te onafhanklik. Hy het self 'n ambulans georganiseer, op eie koste met erf geld van sy moeder.

Die aantal ambulanse wat uit kontinentaal-Europa onder beskermheerskap van die nasionale Rooi-Kruis-organisasies na die Boererepublieke gestuur is, was

opvallend groot. Afgesien van die ambulanse van die Transvaalse en van die Oranje-Vrystaatse Rooi Kruis het drie Duitse ambulanse, twee Nederlandse, een Nederlands-Russiese, een Belgiese, een Nederlands-Oos-Indiese en een Iers-Amerikaanse ambulans gekom. Tydens die gereelde oorlog was daar weke of selfs maande van geringe krygsbedrywigheid en min gewondes, was daar teveel geneeskundige personeel en het ambulanse met mekaar om versorging van gewondes en siekes gewedywer. Teen die einde van die gereelde oorlog het die mediese toestand in die teendeel verander. By die einde van die Boere se Lang Terugtog van Kimberley en Ladysmith na Komati poort het die een buitelandse ambulans na die ander terug na hul land van herkoms vertrek, omdat die leiers daarvan nie meer kans gesien het om die Boerekommando's medies by te staan, veral nie toe die guerrilla of sluipoorlog met sy vinnige bewegings begin het. Slegs 'n klein aantal ambulanse met aansienlik verminderde toerusting en personeel, onder wie dr. Aart Jurriaanse, het agtergebleef.

Slegs van die eerste Nederlandse ambulans, wat onder leiding van dr. C.W.S. Lingbeek en prof. J.A. Korteweg gestaan het, het geneeshere lank agtergebleef. Hulle was dr. J.C.J. Bierens de Haan⁵ en dr. I.H. Pameyer.⁶ Van die Nederlands-Russiese ambulans het dr. Von Rennenkampf tot die einde van die oorlog gebly, van die eerste Duitse ambulans dr. Hero Tileman⁷ (Oost-Fries), dr Leitz (Duits) en dr. Florian Albrecht (Oostenryker).⁸ In die loop van 1901 het Bierens de Haan, Pameyer en Albrecht hulle by die Britse autoriteite aangemeld en verlof ontvang om na Europa terug te gaan. Hulle het onvoldoende toerusting, medisyne, instrumente en verbandmiddels oorgehou om hul mediese werk voort te sit en hulle was moeg van die buitengewone inspannings en ontberings tydens die sluipoorlog. Von Rennenkampf, Tileman en Jurriaanse het hul mediese bystand aan die Boere tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 volgehou. In die Oranje-Vrystaat het die Nederlandse semi-arts Hessel Jacob Poutsma hom tot die Vrede op soortgelyke wyse hoogs verdienstelik gemaak.

Die ervare dosent prof. Korteweg het oor die teveel aan geneeskundige hulp aan Boere in die gereelde oorlog geskryf: "Such competition remains a problem which a youthful physician without practical experience and a rather large amount of self-confidence cannot solve. Young physicians, therefore, may be sent only in limited numbers and only attached to a senior colleague."⁹ Korteweg se voorbehoud jeens jong en min ervare geneeshere is verstaanbaar.

Daar was ervare buitelandse artse by die Boerekommando's en ook jong artse, kort tevore in Europa afgestudeer, soms met nog min praktykervaring. Onder hulle was Hero Tileman, Florian Albrecht en Aart Jurriaanse. Maar die antwoord aan prof. Korteweg moet lui dat die mediese wetenskap voortdurend verander, veral weens oorlogservarings, en dat jong medici wat kort tevore afgestudeer het, die nuutste mediese behandeling geleer het. Bowendien het talentvol jong medici, soos Tileman en Jurriaanse, spoedig in die oorlog ruim ervaring opgedoen en was elke mediese hulp in Suid-Afrika welkom, waar dit ontbreek het, soos in die Boererepublieke tydens die sluipoorlog.

Tydens die gereelde oorlog het briewe van Aart Jurriaanse sy familie in Nederland bereik. Afskrifte van ses van die briewe het bewaar gebly en verskaf 'n beknopte verslag van sy ervaringe in die gereelde oorlog.

Jurriaanse se reis na Transvaal

Jurriaanse het hom ingeskeep op die stoomskip 'Herzog' (nie 'Hertzog' nie) te Amsterdam einde November 1899. Die vaartuig was 'n lynskip van die Duitse redery Deutsche Ost-Afrika Linie (DOAL). Skepe van die redery het in 1899 en die eerste halfjaar 1900 talle oorlogsvrywilligers en mediese personeel na die Boererepublieke vervoer. Die skepe het vanuit Wes-Europese hawens deur die Middellandse See en die Suezkanal langs hawens in Oos-Afrika na Lourenço Marques gevaaar. Die meeste passasiers het in laasgenoemde stad ontskeep en gepoog om 'n plek in die treine na Transvaal te vind.

Dit is my onbekend watter mediese voorrade Jurriaanse op die 'Herzog' saamgeneem het. In Amsterdam het ook die Tweede Nederlandse Rooi-Kruis-ambulans onder leiding van dr. J.D. Koster, die Tweede Duitse Rooi-Kruis-ambulans onder leiding van dr. T. Ringel, en die Belgies-Duitse Rooi-Kruis-ambulans onder leiding van onderskeidelik dr. F. Coolen en dr. J. Fessler hulle ingeskeep. Ook was daar talle oorlogsvrywilligers aan boord. Dit is geen wonder dat die reis Jurriaanse goed beval het nie. Die reis het lank geduur want die 'Herzog' het in talle hawens in Oos-Afrika gelos en gelaai, maar die passasiers was baie verskillend en merendeels interessant. Jurriaanse het daaroor kort berig in sy brief aan sy broer Adriaan vanuit die stad Mozambique op 29 Desember 1899. Hy skryf dat hy sy hut deel met 'n Pruisiese en 'n Hongaarse offisier, twee van die ses offisiere wat hy aan boord ontmoet het. Hy vermeld meeوارig dat hulle verwag dat die republikeinse leerleiding hulle dadelik met die bevel oor 'n

groep stryders sal belas. Hy vind dit onwaarskynlik. Hy noem as interessante reisgenote 'n verteenwoordiger van Van Houtens Cacao in Transvaal en Ir. de Bruin van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) wat aan die spoorwegaanleg bygedra het en wat hom uitvoerig oor toestande in Transvaal ingelig het. Onderweg het berigte oor die Boere se oorwinnings by Magersfontein op 11 Desember en by Colenso op 15 Desember 1899 die 'Herzog' bereik en die stemming aan boord nog meer opgevrolik.

Die antiklimaks van die reis was op hande. Op 2 Januarie 1900 het die 'Herzog' Beira verlaat en op die volgende dag is hy naby Lourenço Marques deur die Britse oorlogskip 'Thetis' aangehou en na Durban opgebring onder verdenking van vervoer van kontrabande. Hierdie aanhouding in vol see van 'n neutrale skip onderweg na 'n neutrale hawe was natuurlik Britse aanmatiging, maar andersyds was die vervoer van kontrabande voor die hand liggend vir die Britte, ook al skryf Jurriaanse in die "Nieuw Rotterdamsche Courant" van 13 Februarie 1900: "t Lijkt mij zeer twijfelachtig, of een schip varend onder neutrale vlag naar een neutralen haven, met cognossementen waaruit niets blijkt van contrabande, eenvoudig op grond daarvan, dat wellicht onder de ijzerlading iets mocht schuilen dat niet in den haak is, in beslag genomen kan worden en gesleept (bedoel is: begelei) naar een Engelschen haven."³⁾ Enkele dae eerder het 'n Britse oorlogskip onder dieselfde voorwendsels die passasierskip 'Bundesrath' van die DOAL in vol see aangehou en na Durban opgebring - nie in beslag geneem nie, hoewel Jurriaanse dit so skryf.

Die ambulansleiers op die 'Herzog' het by die Britse gesagvoerder teen die aanhouding tevergeefs geprotesteer. Die vertoe van die Duitse en Nederlandse regerings by die Britse regering het egter bewerk dat die 'Bundesrath' en 'Herzog' spoedig vrygegee is en uit Durban mog vertrek. Geriefliek naby was die Duitse oorlogskip 'Condor' in Durban en die Nederlandse kruiser 'Friesland' in Lourenço Marques.

Op 10 Januarie 1900 het die 'Herzog' eindelik in Delagoabaaï geanker. In Lourenço Marques het die Transvaalse konsul, die Nederlander Gerard Pott, nie slegs die Tweede Nederlandse, die Tweede Duitse en die Belgies-Duitse ambulans nie, maar ook Jurriaanse gehelp om die talle formaliteite, nodig vir die reis na Transvaal, te vervul. Hulle het op 12 Januarie die trein na Pretoria geneem en daar op die volgende dag aangekom.

Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het die toerusting van buitelandse vrywilligers en militêre attacheés betaal, maar hulle moes hulself die toerusting verskaf. Ook dr. Jurriaanse het dit self gedoen. Hy skryf aan sy familie: "Te paard doorkruiste ik de geheele stad, ovaal commanderende en bestellende." Danksy sy "brutaliteit" (vrypostigheid) het hy die volgende artikels in hande gekry: 4 perdesaals, 50 pond suiker, koffie, paraffine (vir verligting) en ander skaars goed. Hy het drie blanke en ses swart helpers gewerf en op 20 Januarie 1900 per trein na Bloemfontein vertrek. Daar het hy sy ambulanstoerusting voltooi. Hy het met sy ambulans per trein na Edenburg gery en vandaar oor Luckhoff na die Gruisrandlaer aan die Oranjerivier getrek. Sy ambulans het toe bestaan uit een ossewa, 5 perde, 20 muile, een Engelse ambulanswa, mediese voorrade en veel kos.¹⁰⁾

Hy het die hewige geveg tussen die Britse kaptein H.B. de Lisle en kommandant P. Jacobs by Windpomp wes van die plaas Wolwekraal op 10 Februarie 1900 bygewoon.¹¹⁾ Kommandant Jacobs het hom gevra om Britse gewondes in die veld op te tel. Hy het te perd uitgery, gevolg deur 'n ambulanswa, en onverhoeds in die Britse linies beland. Die Britte het daar stil gelê en gewag op die duisternis om veilig terug te trek. Hulle het blykbaar nie op die ambulans gevuur nie.

In Pretoria het 'n studievriend van dr. Jurriaanse uit Leiden hom by Jurriaanse se ambulans aangesluit. Sy naam was Hendrik Ver Loren van Themaat, gebore te Hoorn, Nederland, in 1874, dus een jaar jonger as Jurriaanse. Na sy studie in die regte te Leiden het Boereliefde hom na Suid-Afrika gedryf om die Boere in hul heldestryd teen Groot-Brittanje by te staan. Hy het op 'n skip van die Deutsche Ost-Afrika Linie (DOAL) van Napels na Lourenço Marques gevaaar en per trein omstreeks 8 Desember 1900 in Pretoria aangekom. Op versoek van dr. Lingbeek, hoof van die Rooi Kruis in Transvaal, het hy klerkewerk op die kantoor van dié organisasie verrig, maar daar was reeds te veel personeel om klerkewerk te doen en hy het eind Desember vir kommandodiens na die Tugelafront vertrek. Voordat hy daar groot veldslae kon bywoon, het Jurriaanse hom uit Pretoria telegrafies gevra om hom by sy ambulans aan te sluit. Generaal Louis Botha het hom teensinnig verlof gegee. Hy het gehelp met die uitrusting van die ambulans en dit per trein en te perd na die Boerelaer op Gruisrand aan die Oranjerivier vergesel. Hy het na die geveg hy Windpomp gehelp met verpleging van Britse gewondes.

Na die begin van die Britse verrassingsopmars teen generaal P.A. Cronjé by Kimberley het die ambulans van Jurriaanse van Gruisrand oor Luckhoff na Klipdrift in die Rietrivier getrek. Hulle sien daar 'n menigte waspore en dooie perde wat wys op die opmars van 'n groot Britse leër. By die rivier hulle geskiet en kanongebulder, want die kommando van generaal Christiaan de Wet was in geveg met 'n Britse mag wat 'n groot konvooi van die Britse leër moes beskerm. Die ambulans het uitgespan by 'n naburige plaashuis en daar gewonde Boere en Britte verpleeg. Van Themaat vertel hoe hy moesaam gewondes op 'n draagbaar na die plaashuis vervoer het. Twee Boere het gesterf en is daar begrawe.

Snags het die Britse mag weggetrek en die konvooi as 'n enorme buit agtergelaat. Jurriaanse se ambulans het ryklik uit die buit gedeel. Hy het baie kos, 'n Engelse ambulanswa en 'n ossewa met span gekry. De Wet het met sy kommando noordwaarts gery om generaal Cronjé te help. Die ambulans het op 22 Februarie na Gruisrand teruggeaan. Daar verlaat Van Themaat die ambulans, omdat hy nie as verpleër opgelei was nie en nog geen osse en muile kon hanteer nie. Hy het hom by 'n tiental Nederlandse vrywilligers onder kommandant Lubbe aangesluit om krygsdiens te verrig. Later sal ek op sy oorlogsavonture en loopbaan terugkom.

Die oorgawe deur generaal P.A. Cronjé met sy leër by Paardeberg op 27 Februarie 1900 het die Boerekommando's aan die Oranjerivier in Noord-Kaapland met afsnyding gedreig en genoodsaak om na die noorde in die rigting van Bloemfontein terug te trek.

Jurriaanse het die kommando's gevolg, maar slegs by daglig getrek, want hy het vertrou dat die Britse outhalte die Konvensie van Genève sou eerbiedig, dit wil sê ambulanse onder die Rooi Kruis ongemoeid sou laat. Sy vertroue is tydens die gereë尔de oorlog nie beskaam nie. Toe hy onderweg verneem van 'n paar gewonde burgers in die dorp Edenburg, het hy hulle van die bevelvoerende Britse offisier in die dorp opgeëis om hulle na Bloemfontein te bring. Die offisier het ingewillig en hom 'n pas gegee. Jurriaanse het volgens sy bewering in Bloemfontein die Britse opperbevelhebber lord Roberts in die Presidensie opgesoek, hom meegedeel dat hy gewonde burgers gebring het - soos ek vermoed daar afgelewer, - en om 'n pas gevra om hom met sy ambulans weer by die Boere aan te sluit. Roberts het hom die gevraagde pas gegee en Jurriaanse het na die kommando's by Smaldeel getrek.

Hy het sy ambulans by Smaldeel agtergelaat en per trein na die Boerehoofkwartier in Kroonstad gereis om instruksies te ontvang. Kommandant-generaal Louis Botha het hom en sy ambulans toegevoeg aan die kommando van sy broer, generaal Philip Botha met standplaas tussen Brandfort en Thaba Nchu, digby die gevegsposisies. Dit is ietwat gevaaarlik, hoewel eervol, skryf Jurriaanse aan sy familie.

Sy ambulans het toe 4 waens en 4 blank en 6 swart helpers omvat. Die kos wat hy daeliks genuttig het, was eenvoudig, maar ruim voldoende. Die ontbyt het bestaan uit mieliepap, die middag- en aandete uit skaapvleis, aartappels, rys en gebuite Britse blikkieskos, die drank het bestaan uit egte koffie, somtyds met suiker.

Hy was betrokke by die hewige geveg om Tubakop by Thaba Nchu op 28 April 1900.¹²⁾ Generaal Kolbe het toe die bevel gevoer oor 'n kommando burgers en die buitelandse vrywilligerskorps onder veggeneraal Maximov. Die buitelanders het die Tubakop beset, moedig teen 'n Britse oormag verdedig, swaar verliese gely en ten slotte die kop ontruim. Volgens 'n briefskryfster in Pretoria, mevrou Hollenbach, het Jurriaanse die Tubakop beklim om kommandant W.J. Lubbe van die Vrystaatse kommando wat in sy been gewond was, te help. Dit is as 'n daad groot moed beskou want die koeëls het dig oor die Tubakop gefluit.¹³⁾

By die geveg by Thaba Nchu het die Britte Jurriaanse se ambulans beskiet ondanks die groot Rooi Kruis-teken op die waens. Die swart helpers wou toe nie die muile voorspan nie en Jurriaanse het self die muile gehaal. Hy het later gepubliseer dat hy by die bevelvoerende Britse offisier oor die beskieting gekla het en dat die offisier hom gesê het dat op die groot afstand die Rooi Kruis-teken waarlik nie herken kon word nie.¹⁴⁾ Jurriaanse en sy ambulans was 24 uur krygsgevange, maar die genoemde offisier het hom na die Boerekommando's laat vertrek. Hy het hom by die Zandrivier weer by generaal Philip Botha aangesluit. Hy vermeld dat by die Britse aanval op Boereposisies aan die Zandrivier die burgers spoedig teruggetrek het, terwyl buitelanders veel langer en moediger teenstand teen die Britte gebied en daarby gevoelige verliese gely het - soos meer dikwels tydens die Lang Terugtog voorgeval het.

Hy het vermoedelik van hierdie toedrag geleer, want toe die Boere stellings aan die Vetrivier ingeneem het, het hy met sy ambulans daar nie stilgehou nie, maar in geforseerde mars deurgetrek na Vereeniging om sy

gewondes in veiligheid te bring. Hy het hulle in Vereeniging per trein na Pretoria gestuur om daar in 'n hospitaal te laat opneem. Kommandant-generaal Louis Botha het hom aangesê om na die kommando's in die Noord-Vrystaat terug te gaan, maar Jurriaanse het betoog dat sy muile dringend rus by Vereeniging nodig het en Botha het toegegee.¹⁵⁾

Nie alle Boeregenerals was so inskiklik as Louis Botha nie. Jurriaanse skryf in sy proefskrif dat korte tyd daarvoor tydens 'n geveg hy opmerk dat sy ambulans in die vuurlinie van Britse geskut was. Hy wou inspan om sy ambulans na 'n veiliger plek te bring, maar die bevelvoerende generaal C.R.de Wet het hom laat aansê om op sy onveilige plek te bly. Jurriaanse het gehoorsaam en die verantwoordelikheid vir ongevalle op generaal De Wet geplaas.¹⁶⁾

Danksy hul tiendaagse rus by Vereeniging kon sy muile daarna weer presteer. Die Boere het hul terugtog voortgesit oor die Vaalrivier. Jurriaanse het hulle met sy ambulans gevolg, van Vereeniging na Kliprivier, Irene, Pretoria, Eerste Fabrieken en Donkerhoek. Hy het in die nag van 4 of 5 Junie 1900 op straat in Pretoria gekampeer. Om 8 uur op 5 Junie is Pretoria oorgegee en het die Britse troepe begin om die stad binne te trek. Op dieselfde tyd het Jurriaanse die stad aan die ooswyk verlaat (brief uit Ermelo 18 Junie 1900). Hy het die slag by Donkerhoek op 11 en 12 Junie 1900 bygewoon en getuig van die beslissende wending in die strydgees van die Boere ten gunste van volhou van die oorlog. Hy skryf: "Daar hebben de Boeren nog eens getoond, dat zij kunnen vechten." Sy ambulans was die enigste wat mediese hulp aan die Boere in die slag gegee het. Hy het hom kort voor die slag aangesluit by generaal Tobias Smuts wat die kommando's van Ermelo, Bethal en Standerton angevoer het.¹⁷⁾ Hy het dié kommando's tot die einde van die oorlog bygestaan. Sy ambulans het posisie op die suidelike vleuel van die lang Boerelinie ingeneem en tydens die slag 16 Boeregewondes gekry om te versorg.¹⁸⁾

Hy het generaal Smuts langs die Oosterspoorlyn oor Balmoral na Wonderfontein gevolg en met hom vandaar na die Hoëveld by Ermelo getrek. Hy het blykbaar die slag by Dalmanutha of Berg-en-Dal op 26 en 27 Augustus 1900 - die laaste gereelde veldslag in die oorlog - ook bygewoon.¹⁹⁾

Die oringe maande van die langgerekte sluipoorlog wat toe begin het, het hy meestal in Suidoos-Transvaal deurgebring. Hy was daar baie geïsoleerd. Op

1 September 1900 het die Britte die grensstasie Komatipoort beset en die verbinding van die strydende Boere met die buitewêreld afgesny.

Berigte oor ontmoetings met dr. Jurriaanse tydens die oorlog is skaars. Daarom haal ek redelik uitvoerig dr. J.C. Kakebeeke se oorlogsherinneringe^{19bis} aan. "In Februarie 1900 het die Engelse sy ambulans afgeneem (maar na 'n paar dae teruggegee, voeg ek by). Dr Jurriaanse het hom geregverdig geag om een van die Engelse ambulanswaens van die allernuutste model te annekeer toe die Engelse hul laer by Poortjie (Klipdrift) verloor het. Hy het die Engelse opskrifte almal netjies laat oorskilder, en toe hy in Bloemfontein aankom, het hy van lord Roberts persoonlik verlof verkry om (met sy ambulans) deur te ry na die Boerelinies. By Thaba Nchu het die Engelse hom egter (weer) gevange geneem en moes hy lewensmiddele en enkele muile afstaan. (Dit was egter in ooreenstemming met die Konvensie van Genève betreffende ambulanse van die vyand, merk ek op.) 'n Engelse dokter sien die wa en noem dit 'n pragstuk. "Dokter", vra hy, "waar het jy die wa laat maak?" "O", antwoord Jurriaanse, "so maak hulle teenswoordig al die ambulanswaens in Holland."

Daarna vra die Engelse dokter hom of hy dit goed sal vind as hy 'n foto van die wa neem met dr. Jurriaanse daarby. Laasgenoemde het nie beswaar gemaak nie, mits hy dan verlof kry om na die Boerelinies terug te keer. Die Engelse dokter het die verlof geredelik verkry, waarna dr. Jurriaanse kon vertrek en sy nuttige werk onder die Boere kon hervat, 'n werk wat hy steeds met die grootste toewyding gedoen het, ondanks die gevare waaraan hy voortdurend hom moes blootstel."

Jurriaanse het met of sonder ambulans in Suidoos-Transvaal rondgery om gewondes en siekes te versorg en na enkele weke of maande ook 'n klein hospitaal op die plaas "De Emigratie" by Ermelo geopen. Hy het die hospitaal as absoluut noodsaaklik beskou, hoewel hy sy taak as arts te velde en tewens hoof van 'n hospitaal as te swaar beskou het. "De Emigratie" was eiendom van Willem Hendrik Bührmann, ingesetene van Ermelo. Hy was 'n seun van Hendrik Theodor Bührmann (1822-1890) en Margaretha Magdalena Maré (1830-1885). Hendrik Theodor was Amsterdamer en het hom in 1848 in Transvaal gevestig. Hy het dadelik in die partypolitiek aktief geword en gevorder tot landdros van Lijdenburg voordat die Transvalers hom as twismaker tersy gestel het.²⁰⁾

Willem Hendrik het "De Emigratie" geërf en in 1900 aan dr. Jurriaanse aangebied om daar sy hospitaal in te rig. Hy het in Oktober 1899 as lid van die kommando van Ermelo na Noord-Natal gegaan en vandaar na die Vrystaat om die opmars van die Britte onder lord Roberts te stuit. Hy is inmiddels bevorder tot veldkornet. Hy was van Maart 1900 tot 23 Oktober 1901 lid van die perdekommissie wat rydiere aan die Boerekommando's moes verskaf.

Generaal Tobias Smuts het in Augustus 1901 vanuit Suidoos-Transvaal 'n strafstog na Bremersdorp in Swaziland onderneem. Daar het 'n groep Engelssprekendes, Afrikaners en swartes hulle versamel en in die omgewing as vrybueters gesteel en geroof, onder meer vee. Smuts het met sy burgers Bremersdorp aangeval en verbrand en die vrybueters verjaag. Kommandant-generaal Louis Botha het Smuts se optrede beskou as skending van die ZAR-regering se belofte om die neutraliteit van Swaziland te eerbiedig. Hy het Smuts tot gewone burger gedegradeer²¹⁾ en in sy plek kommandant J.N.H. Grobler tot generaal bevorder. Hy het op 23 Oktober 1901 Willem Hendrik Bührmann tot kommandant bevorder om Grobler se plek in te neem.²²⁾

Bührmann het sy burgerplig in die oorlog vervul. Hy het onder meer deelgeneem aan die hewige geveg by Bakenlaagte in Suidoos-Transvaal op 30 Oktober 1901, nadat hy enkele Bybelwoorde aan die kommando van Ermelo voorgelees het.²³⁾ Hy was 'n man van ontwikkeling en beskawing. Hy het op 20 Julie 1900 op Vlakpoort in foutlose Nederlands 'n sjarmante brief aan sy 21-jarige niggie Magdalena Margaretha Sluiter gerig.²⁴⁾ Hy skryf haar dat hy nog geen Khaki (Britse soldaat) vir haar kon vang nie, maar beveel haar 'n "kaasje" (van kaaskop, dit is Nederlander) aan. Die "kaas" was dr. Aart Jurriaanse met wie hy op goeie voet staan en wat hy 'n flinke man en medikus noem.²⁵⁾

Suidoos-Transvaal tydens die sluipoorlog

Dr. Jurriaanse het twee jaar lank, van Julie 1900 tot Junie 1902, as medikus gewerk onder die Boerestryders en hul nie-strydende bloedverwante buite die konsentrasiekampe in Suidoos-Transvaal. Die streek was net soos ander gebiede in die Boererepublieke die toneel van 'n ongereelde of sluipoorlog (guerrilla). Die Boerestryders het in klein kommando's onverwags Britse posisies en kolonnes aangeval om hulle uit te skakel en om kos, klerasie en wapens te verower. Hulle het met dié doel treine laat ontspoor en die lading daarvan gebuit, in Transvaal op die Oosterlyn tussen Pretoria en Komatipoort op die

Suiderlyn tussen Pretoria en Germiston en op die Suidoosterlyn tussen Germiston en Volksrust. Die Britse militêre het Suidoos-Transvaal beset, op talle plekke blokhuisse opgerig, veral by die spoorlyne, en onderling met doringdraadheinings verbind met die doel om die Boerekommando's op te vang en vas te druk. Die Britte het ook plaashuise en -opstalle verbrand, inboedels, gereedskappe en gewasse vernietig en die vee weggevoer of wreedaardig vermink om te laat sterf. Die Britte het die niestrydende landelike bevolking aan wie hulle bestaansmiddele en onderdak ontneem het, na konsentrasiekampe weggevoer. Die Britte se doel was om aldus die platteland te ontvolk en die stryders hul plase en gesinne te ontneem en tot oorgawe te dwing.

Die Britse militêre het soos 'n veldbrand oor die landelike gebiede beweeg en as 'n wildernis agtergelaat. Hul verskroeide-aardetaktiek was besonder deeglik. Die gesondheidstoestand in die konsentrasiekampe was sowat een-en-'n-halwe jaar matig tot sleg en die sterfte onder die geïnterneerde was ontstellend hoog: 26 000 op 'n Boerebevolking van ongeveer 350 000, dit is 7 á 8 persent. Die gesondheidstoestand is in 1902 deur Britse maatreëls verbeter en die sterftesyfer het aansienlik gedaal.

Die Britte het in 1901 die dorp Ermelo geheel verwoes. Slegs die Nederduits Gereformeerde kerkgebou en een huis het bly staan. Van die kerk is al die houtwerk verwyn. Die dorpelinge is weggevoer na konsentrasiekampe op Middelburg en Standerton. Na die oorlog is Ermelo herbou en die dorp het soos 'n feniks uit die as herry. Daarom is die voël Feniks in die wapenskild van die dorp opgeneem.²⁶⁾

Kort na sy aankoms in Nederland op 4 Augustus 1902 is Jurriaanse ondervra deur 'n joernalis van die "Nieuwe Rotterdamsche Courant", 'n vooraanstaande dagblad.²⁷⁾ Hy het Jurriaanse gevra na die hoofoorsaak van die oorgawe deur die Boerestryders op 31 Mei 1902. Jurriaanse se antwoord was dat gebrek aan voedsel die hoofoorsaak was. Dit word bevestig in verslae deur Boere-offisiere uitgebring tydens die beraadslagings voor die vrede. Kommandantgeneraal Louis Botha het te Vereeniging op 15 Mei 1902 gesê: "In het district Utrecht zijn geen mielies genoeg om de commando's lang te onderhouden en dan kan geen spraken zijn van mielies voor paarden. Daar is nog tamelijk (voldoende) slachtvee. In Swaziland is er geen graan. In Wakkerstroom is er geen graan, de commando's kunnen geen maand daar meer leven. In Ermelo en Carolina is er nog graan genoeg om een tijdsje op te leven,

twee à drie maanden; slachtvee nog genoeg voor den winter, indien voor den voet genomen wordt wat aan de burgers behoort. Het meeste graan behoort aan de kaffers. Wat gezaaid werd is te nabij den vijand om bekomen te worden.²⁸⁾

By dieselfde geleentheid het generaal Chris Botha gesê: "dat hij Swaziland vertegenwoordigde. Wat voedsel betrof, waren er bijna geen mielies meer vorhanden. Men leefde op wat men door gunst der kaffers verkreeg. Er was geen vrouw meer. Zijn commando van 113 man is nog te Piet Retief. Er was geen graan en men moest van kafferkraal tot -kraal gaan om de kost en dat eischt geld ... Zij hadden voor twee maanden graan maar geen vee en moesten van buit leven. Er zijn nog 65 families. Het is zwaar om voor die te buiten. De toestand was bij hem zeer kritiek."²⁹⁾

Krygservarings van dr. Aart Jurriaanse in Suidoos-Transvaal en Noord-Natal

Hy het verskeie gevegte bygewoon en daarin mediese hulp gegee. Hy noem in sy proefskrif op p.51 gevegte wat hy bygewoon het. Daarvan is die volgende in die gereë尔de oorlog tot en met Augustus 1900 gelewer: in die Vrystaat Windpomp, Winterhoek, Tabaksberg, Zandrivier; in Transvaal Kliprivier, Elandsfontein, Irene, Donkerhoek, Bronkhorstspruit, Amersfoort, Dalmanutha. Die volgende gevegte is in die ongereë尔de of sluipoorlog (guerrilla) tot die Vrede van Vereeniging deur hom bygewoon: Rooihoopte, Carolina, Machadodorp, Chrissiemeer, Itala en Bakenlaagte. Hy was ook by vele klein gevegte aanwesig. Hy deel mede dat sy werkterrein die distrikte Wakkerstroom, Ermelo, Bethal, Carolina en Piet Retief omvat het. Dit is die grootste deel van Suidoos-Transvaal.³⁰⁾

Hy het in Julie 1900 met generaal Tobias Smuts oor Balmoral en Wonderfontein aan die Oosterlyn suidwaarts na die Hoëveld by Ermelo getrek. Hulle was daar baie geïsoleerd. Sy brief op 16 Julie 1900 uit die laer by Ermelo aan sy familie gerig was die laaste wat sy familie in die oorlogsjare van hom ontvang het.

Jurriaanse berig heel min oor sy oorlogservarings. Slegs af en toe vang die leser 'n glimp daarvan op. Een glimp betref die nagtelike aanval van burgers van Louis Botha uit die suide en burgers van generaal Ben Viljoen uit die noorde op sewe Britse garnisoene aan die Oosterlyn van Machadodorp weswaarts. Die Britse teenstand was te sterk, die mis te dig en die Boere het teruggetrek. 'n Lid

van die kommando van Ermelo, Jan Hendrik Coetzee, leerling van die Staatsgymnasium in Pretoria, is by die aanval op Britse sterktes by Machadodorp ewe as enkele ander burgers gewond en enkele burgers, onder wie veldkornet Van der Heyden, het gesneuwel. Kamerade het Coetzee 'n ent weggedra. Toe kom dr. Jurriaanse te perd aangeja. "Na 'n vlugtige ondersoek haal hy 'n instrument tevoorskyn om my 'n verdowingsmiddel toe te dien. Toe ek beswaar hierteen maak, bedui hy my dat ek niks te sê het nie en hy alles." Hierdie antwoord is tiperend vir Jurriaanse se besliste houding. Hans Hollenbach³¹⁾ het met die ambulanswa gekom en die sterk Jurriaanse het Coetzee ondanks dié se 180 pond gewig in die ambulanswa gedra. Die wa het met Coetzee en ander gewondes na Carolina gery. Daar is 'n groot aantal gewonde Boere aangebring en die hotel van mnr A.B. Sewell is as hospitaal ingerig. Jurriaanse moes die hospitaal met min personeel lei, maar mnr. Sewell en dames van Carolina het hom gehelp. Na enkele weke het die Oostenrykse arts, dr. Albrecht die hospitaal van Jurriaanse oorgeneem en kon laasgenoemde na die omgewing van Ermelo teruggaan. Coetzee het genees en is later gevange geneem en na 'n kamp oorsee, Dyatalawa op Ceylon (?), gestuur.³²⁾

Jurriaanse was met sy ambulans aanwesig by verskeie groot en 'n groter aantal klein gevegte in Suidoos-Transvaal en Noord-Natal. Hy deel slegs min besonderhede oor dié gevegte mede, maar van sommige van die groot gevegte volg hier 'n skets.

In Februarie 1901 het generaal Smith-Dorrien met 3300 militêre posisie ingeneem op 'n klein plato bo Chrissiemeer noordoos van Ermelo. Die Britte het hier geen aanval verwag nie, maar is in die vroeë ure van 6 Februarie 1901 aangeval deur 'n kommando onder kommandant-generaal Louis Botha. Die Britte perde het in paniek weg van die kamp geja. Botha het hulle terug na die kamp laat dryf en die burgers saam met die diere laat storm. Maar Smith-Dorrien en sy offisiere het koelbloedigheid bewaar en geïnspireer en die Britte het energiek teruggeveg. Die aanvallers het die voordeel van die verrassing verloor en teruggetrek met 80 dooies en gewondes, ongeveer ewevel as die verliese wat die Britte gely het. Hul verliese en die digte mis het die Britte belet om die Boere te agtervolg.³³⁾ Daar was vir Jurriaanse en sy ambulans stellig hande vol werk met die verpleging van gewondes.

Die tweede inval van die Boere in Natal

Die veldtog van Louis Botha na Natal in September-Oktōber 1901 is deur dr. Jurriaanse vergesel en deur ander in detail beskryf.³⁴⁾ Daarom sal ek hieroor uitwei. Botha het die veldtog onderneem om die swaar druk van die Britse leër op die Boerekommando's in die twee republieke te verminder. Aan die begin van die lente was jong gras vir die perde en muile beskikbaar en het Botha met 1000 burgers en waens met muile bespan uit die omgewing van Ermelo vertrek. Aan die grens van Natal het hy 2000 geharde stryders by hom gehad. Op sy versoek het die artse Leitz, Florian Albrecht en Aart Jurriaanse met hul ambulanse sy kommando vergesel.³⁵⁾ Hero Tileman het as enigste medikus in Oos-Transvaal agtergebleef om die Boerebevolking by te staan. Jurriaanse het vermoedelik met leedwese sy hospitaaltjie op "de Emigratie" agtergelaat, ook omdat sy vertroue in die veldtog matig was. Hy skryf in September 1901 uit Noord-Natal aan Grietje Sluiter, sy geliefde op "de Emigratie, in Griekse letters om sensuur ingeval van onderskepping deur Britte te bemoeilik: "dat het eerste grote gevecht heel goed is verlopen", maar hij vervolgt: "hoeveel malen ik wel gewensdt heb, dat wij omdraaien zoudem, weet ik niet, doch tot mijn schande moet ik zeggen: banje dikwels." Heldhaftige pretensies was hom vreemd.³⁶⁾

Hy verwys in hierdie brief na die geveg in Bloedrivierpoort op 17 September 1901. Toe het 'n voorhoede van 150 Boere onder generaal J.D. Opperman die bree poort in getrek tot 30 km noordoos van Vryheid. Kaptein H. de la P. Gough wou hulle met 400 man Mounted Infantry verras en het 'n berede aanval op hulle onderneem. Hy het nie geweet dat die hoofmag van die Boere nabij was nie. 500 burgers van die hoofmag het 'n berede teenaanval uitgevoer en die Britse oorweldig. 285 van laasgenoemdes is gedood, gewond of gevang en twee Britse kanonne is gebuit.

Die Britse garnisoene in Natal was reeds gewaarsku teen die inval. Die Britse opperbevel is gealarmeer deur die Boeresoge by Vryheid en het vyf kolonnes uit alle windrigtings na Noord-Natal gestuur, maar hul marstempo was soos gewoonlik stadig. Die regering van Natal was bevrees vir 'n tweede inval na die eerste in Oktober 1899-Mei 1900 en het die milisie opgeroep en na Zoeloeland gestuur. Die oorvoëdig reën het die invallers en hul transportdiere uitgeput en die Buffels- en Tugelariviere ondeurwaadbare gemaak. Toe het Louis Botha beveel om op 25 September die Forte Itala en Prospect te verower. Hy het sy broer, generaal Christiaan Botha, met 1400 burgers na Itala en sy swaer,


generaal Cherry Emmett, met 400 burgers na Prospect gestuur. Fort Itala was geïmproveer en blootgestel aan beskieting vanaf hoër plekke, maar die garnisoen het hom dapper verdedig in 'n vuurgeveng wat snags begin en 13 uur geduur het. Daarna het die Boere teruggetrek met ongeveer 20 dooies en 80 gewondes. Ook die Britte het die fort verlaat, uitgeput en met gevoelige verliese. Ook die aanval op die goed versterkte Fort Prospect het misluk weens die hardnekkige verdediging. Na bewering het die aanvallers 40 man verloor, die verdedigers 9.³⁷⁾

Jurriaanse het mediese bystand aan die burgers by Itala gegee en hy skryf daaroor in sy proefskrif (p.74): "Na het gevecht van Itala heb ik drie gewonden over eene distansie van 21 uur rijdens (ongeveer 15 km per uur, C.d.J.) laten dragen, een afstand ongeveer overeenkomende met dien van Leiden naar Rotterdam. In dit geval moest ik die gewonden zoo ver laten dragen, omdat ik hen anders aan de genade van gewapende Zulu-kaffers had moeten overlaten." Die Britse leërlading het naamlik gewapende Zoeloes as baie gesikte verkenners gebruik en die Boere het die gewapende Zoeloes wat hulle gevang het, doodgeskiet. Daarom het die Zoeloes Boerestryders, -vroue en -kinders gedood.

Toe die aanvalle op Itala en Prospect misluk en die Britse kolonnes steeds meer Louis Botha se kommando ingesluit het, het hy vinnig besluit om na Oos-Transvaal terug te trek voordat sy terugtog afgesny sou wees. Hy het dit besluit ondanks die sukses by die buitmaak van 'n konvooi van 31 waens by Prospect op 29 September 1901. Dit het gelyk of die terugtog inderdaad afgesny was. Die enigste ontsnappingspad het oor die Nlhazatshe-bergrug noordoos van Vryheid geleid. Die Britse militêre het die nek afgesluit, maar was te min om ook die bergpaaie te bewaak. Dieselfde het gebeur wat die agtervolgers van die kommando van generaal Christiaan de Wet in Augustus 1900 ervaar het. Die Britte het toe versuim om een nek oor Magaliesberg, Olifantsnek, te bewaak en De Wet het oor dié nek na die noorde ontkom. Louis Botha het die omgewing van Vryheid heel goed geken, want sy plaas Waterval - toe platgebrand - was daar geleë. Hy het beveel om alle waens agter te laat en het met sy kommando te perd in die nag van 5 op 6 Oktober 1901 oor 'n bergpad deur Gelukskloof na Transvaal getrek. Op 6 Oktober het hy 'n sterk stelling ingeneem, 'n skerp geveg gelewer en met gering verlies ontkom.³⁸⁾

Die verslae oor die veldtog na Natal deel min mee oor mediese bystand aan die invallers. Die vraag bly of by Gelukskloof op 5 Oktober ook die

MAP 10



6
5

Kaart van Zoeloeland en Suidoos-Transvaal met die ontsnappingsroete van Louis Botha se kommando deur Gelukskloof oor die Nlhzatzsche-berge op sy terugtoer uit Zoeloeland in Oktober 1901; dr Jurriaanse het waarskynlik dieselfde roete gevolg.

Uit Delmot Thomas Moore, "General Louis Botha's second expedition to Natal, September-October 1901", Cape Town, 1979.

----- marsroetes van Britse troepen

----- marsroetes van Britse troepe
_____ marsroetes van Boerekommando's

ambulanswaens agtergelaat is. Ek twyfel, omdat, Jurriaanse daarvan geen melding maak nie, en ek veronderstel dat die Britse aanvoerders die Boere-ambulanse toegelaat het om oor een van die nekke na Transvaal te trek.

Die tweede inval in Natal het 'n bloedige vervolg in Oos-Transvaal gehad.

Terug op die Hoëveld by Ermelo het Louis Botha afgereken met kolonel Benson. Hierdie Britse offisier het veel ervaring in die Anglo-Boereoorlog verwerf en hom in 1901 toegelaat op verrassingsoorvalle op please waar Boerestryders oornag. Hy het met sy nagtelike oorvalle hulle in Suidoos-Transvaal genoodsaak om in elke nag om 3 uur op te saal en van slaapplek te verander. Aan die einde van Oktober 1901 was Benson met 800 ruiters, 600 infanteriste en 'n konvooi van 350 waens op mars na Balmoral. Verkenners het Benson gewaarsku dat hy 'n aanval kon verwag. Louis Botha het 'n kommando van onverskrokke stryders byeengebring en Benson se kolonne op 30 Oktober 1901 by die plaas Bakenlaagte aangeval. Die geveg was hewig en bloedig. Benson is dodelik gewond, sy troep van 178 man is vernietig, sy twee kanonne is deur die Boere verower. Die Boere het ruim 100 man verloor. Ons kan seker wees dat die ambulanse van Jurriaanse en Tileman handvol werk met gewondes gehad het.

Die geveg van Bakenlaagte was die laaste groot veldslag in Suidoos-Transvaal in die oorlog. Maar daar was nog verskeie kleinere gevegte, waarby Jurriaanse betrokke gewees het.

Lewensomstandighede van dr. Jurriaanse

Ek het reeds berig dat spoedig na sy aankoms in Nederland in Augustus 1902 'n joernalis van die "Nieuwe Rotterdamsche Courant" hom uitgevra het. Op die vraag na die gesondheid van die Boerebevolking in die oorlog het Jurriaanse gesê dat dit oor die algemeen gunstig was. Die Boere se lewenswyse was gesonder as dié van die Britse militêre. Die Boere, sowel stryders as niestryders, het veel rondbeweeg, kon meestal besmette was- en drinkwater vermy en het meestal vars voedsel verorber, tydens die sluipoorlog merendeels vars vleis, mielies en vars vrugte. Die Britse militêre het dikwels lang tyd op een plek gebly, was dig by mekaar in tente of barakke gehuisves (het dus baie kieme op mekaar oorgebring) en het die naaste omgewing, onder meer die was- en drinkwater, bevuil en besmet. Hul voedsel was merendeels verduursaam en nie vars nie en het bestaan uit beskuit, blikvleis en - gedroogde groente, aartappels

en vrugte, voeg ek by. Jurriaanse swyg oor die groot onsindelekheid onder die Britse soldate en die baie luise wat hulle gepla het, sodat die Boere steeds die Britse kampplekke vermy het weens die luise wat hulle daar belaag het.

Jurriaanse gee toe dat somtyds influenza of griep ook die Boere gepla het en eenmaal homself getref het. Ek merk op dat maliariakoors ander streke in Suid-Afrika gekwel het, maar in Suidoos-Transvaal weens die hoogte afwesig was. Origens was m.i. die koue winters op die Hoëveld, waarin die temperatuur snags dikwels onder vriespunt daal, 'n gevhaar vir die gesondheid van die ontwrigte ondervoede Boerebevolking sowel in as buite die konsentrasiekampe.

Ek meen dat Jurriaanse se uitspraak oor die Boere se gesondheid ietwat te rooskleurig is. Hy het in sy lewe vir sover ek weet selde of nooit uitgewei oor die ontberinge tydens die sluipoorlog, maar hulle was groot, veral teen die einde van die oorlog toe talle lewensnoodsaaklike artikels baie skaars was. Die gesondheidstoestand in die konsentrasiekampe het in 1902 verbeter, maar by die Boerebevolking in die veld versleg. Die klein aantal geneeshere wat by die Boere gebly het, het gedeel in die ontberinge, in hitte, koue, gebrek aan noodsaklike artikels, onder meer klerasie en skoene. Hulle moes groot afstande in ongunstige weersomstandighede aflê. Hulle het ook groot tekort aan mediese artikels ondervind.

Die Duitse geneesheer Hero Tileman, ewe-as Jurriaanse 'n Bittereinder in Suidoos-Transvaal, gee van die noodtoestand in hierdie gebied 'n skrynende beeld.

Die joernalis van die NRC het Jurriaanse gevra na die bejeëning wat hy van die Britte ondervind het. Jurriaanse wou die vraag nie beantwoord nie. Ook uit sy latere lewe is my geen uitspraak van hom oor sy behandeling deur die Britte bekend nie. Daar is twee moontlike redes vir sy swygsaamheid oor sy lewensomstandighede in Suidoos-Transvaal. Die eerste kan wees dat hy sy eie verdienste as geneesheer nie wou prys nie. Hy het in 1902 geskryf. Ek het nie meer as my plig as arts gedoen nie. Hy skryf in sy eerste brief aan Grietje Sluiter uit Nederland op 8 Augustus 1902: "Bij mijn aankomst ben ik met grote moeite eene schitterende officiële ontvangst ontloopen ... Het is verschrikkelijk vervelend om overal waar men komt, als een held bewonderd te worden." Die tweede rede kan wees dat hy die optrede van die Britte op die oorlogstoneel nie wou kritiseer nie, omdat hy spoedig na die oorlog uit Nederland na Transvaal wou terugkeer om daar as arts te praktiseer; kritiek van sy kant sou sy toelating

as medikus in hoe mate belemmer. Ons weet nie hoe die Britse militêre Jurriaanse en sy ambulans in die sluipoorlog behandel het nie en kan slegs algemene opmerkings oor die Britte se optrede maak.

Tydens die gereelde oorlog het die Britse militêre meestal korrek jeens die ambulanse aan Boerekant opgetree. Hulle het die ambulanse slegs kort aangehou en spoedig na die Boerekommando's laat teruggaan, uiteraard nadat hulle die Boere- en Britse gewondes van hulle weggeneem het. Dit geld ook vir Jurriaanse.

By die nadering van die sluipoorlog of guerrilla in die winter van 1900 het die welwillende Britse houding verander in die teendeel. Die eerste teken van die verandering in houding was die gevangeneming van die tweede Nederlandse ambulans by Irene op 1 Julie 1900 op grond van 'n formeel, maar onbelangrike oortreding van die Konvensie van Genève. Die materiaal is verbeurd verklaar, vroulike ambulanspersoneel is na Nederland gestuur en die manlike personeel is as krygsgevangenes na Ceylon (Sri-Lanka) gestuur, waar hulle die orige oorlogstyd moes deurbring.

In die hierna volgende oorlogstyd het die Britse ouoriteite steeds geweier om ambulanse, mediese personeel, medisyne en verbandmiddels na die Boerekommando's deur te laat. Hulle was blykbaar van mening dat toelating van ambulanse en geneeskundige hulp die stryd van die Boere sou verleng. Die Britte het verskeie Boere-ambulanse gevang, weke of maande vasgehou, toerusting van waens, trekdiere, mediese artikels en selfs persoonlike besittings van hulle afgeneem, met 'n beroep op die Konvensie van Genève wat gebruik van mediese artikels van die vyand gebuit toestaan. Gewoonlik het die Britse opperbevel in Pretoria ten slotte die ambulanspersoneel vrygelaat, maar nie hul toerusting vervang nie. Selfs is die geneeshere wat by die Boerekommando's gewerk het en hulle by die Britte gemeld het om na Europa te kan gaan, in die gevangenis gesit en hul besittings is hulle afgeneem, totdat die opperbevel beveel het om hulle vry te laat. Ook dit was natuurlik strydig met die Konvensie van Genève wat mede deur Groot-Brittanje onderteken was. Die Nederlandse artse J.C.J. Bierens de Haan en J.H. Pameyer is 'n kort tyd gevange gehou, eersgenoemde was in die gevangenis, laasgenoemde is tweemaal aangehou in 'n kamp, die Duitse medikus Hero Tileman driemaal, eenmaal vyf weke lank deur generaal Sir John Dartnell in Suidoos-Transvaal, voor hul vrylating op hoe bevel.³⁹⁾

Die Britte het Jurriaanse tydens die gereelde oorlog meestal korrek behandel en hom tweemaal gevang maar spoedig na die Boerekommando's laat teruggaan. Hy is blybaar tydens die ongerekende oorlog verskoon van gevangeskap. Ook sy hospitaal op "De Emigratie" is deur die Britte ontsien, vir sover ek weet, hoewel Ermelo digby was en die dorp beset en platgebrand is. Die hospitaal was in die meeste maande van die laaste twee jaar van die oorlog in bedryf. Die vraag is of die Britte daarvan geweet het (waarskynlik wel), en indien ja, waarom hulle dit ongemoeid gelaat het. Die antwoord weet ek nie.

Die Boere-artse in Oos-Transvaal tydens die sluipoorlog het van mekaar geweet en by geleentheid mekaar gehelp. Na die geveg op 6/7 Januarie 1901 aan die Oosterlyn het Jurriaanse enkele weke die hospitaal van Albrecht op Carolina gelei totdat Albrecht uit krygsgevangeskap teruggekom het.⁴⁰⁾ Toe die Britte Bierens de Haan vrygelaat, maar hom sy ambulans afgeneem het, het Jurriaanse hom met ambulansmateriaal gehelp.⁴¹⁾ In September 1901 het Jurriaanse, Albrecht en Letiz die kommando van Louis Botha na Noord-Natal vergesel, terwyl Tileman op Onverwacht agtergebleef het, omdat hy die enigste nog beskikbare arts vir die Boere in Oos-Transvaal was.⁴²⁾ Kort na die geveg by Bakenlaagte het Tileman instrumente aan Jurriaanse te leen laat vra om 'n ernstige gewonde veldkornet te opereer, maar die gewonde is oorlede voordat die instrumente by Tileman aangekom het.⁴³⁾

Die soektag na dr. Aart Jurriaanse

Na die besetting van die Oosterlyn deur die Britse troepe was die verbinding tussen die Boerestryders en die buitewêreld oor Lourenço Marques afgesny en hulle kon geen besoekers, helpers en goedere meer uit die buitenland ontvang nie. Slegs by uitsondering was versending van briewe na die buitenland moontlik. Ook Jurriaanse was met sy ambulans in Suidoos-Transvaal geheel geïsoleerd sonder briewe uit Nederland en sonder die moontlikheid om daarheen briewe te verstuur. Die laaste brief wat sy familie van hom ontvang het, was gedateer Julie 1900. Dit is begryplik dat hulle ongerus oor sy lot geword het. In die eerste maande van 1901 het sy broer Adriaan briewe met versoek om inligting oor hom verstuur na die Informatiedienst van het Perskantoor van het Algemeen Nederlandsch Verbond te Dordrecht in Nederland, aan die Nederlandse konsul in Pretoria F.J. Domela Nieuwenhuis, aan die Nederlandse konsul in Kaapstad en aan die Gezantschap van de Zuid-Afrikaansche Republiek

in Brussel. Domela Nieuwenhuis het berig dat op 23 Mei 1900 Jurriaanse "safe and well" was. Nog hy nog die ander instansies kon verder enige inligting oor Jurriaanse verstrek. Hulle het waarskynlik nie geweet waar in die Boererepublieke hy hom bevind nie. Sy familie het geen betroubare inligting oor hom tot die einde van die oorlog op 31 Mei 1902 ontvang nie. Eers 'n paar dae na die Vrede van Vereeniging kon Jurriaanse sy familie berig dat hy gesond en wel was en spoedig na Nederland sou vertrek.⁴⁴⁾

-O-

Verskeie buitelandse vrywilligers het by hul vertrek uit Suid-Afrika, toe die oorlog beëindig was, aan Boeregenerals 'n getuigskrif gevra en so 'n dokument ontvang, dikwels met lof vir hul bedrywigheid in die oorlog, waarop die vrywilligers meestal trots was. So ook Jurriaanse. Hy het in Desember 1902 uit Londen 'n baie vleiende getuigskrif van Louis Botha ontvang. Die teks daarvan volg hier:

Verklaring van generaal Botha (d.i. kommandant-generaal Louis Botha) (Desember 1902)

Met genoegen kan ik verklaren, dat dr. A. Jurriaanse van Rotterdam sedert zijn aankomst in de Transvaal in December 1899 tot zelfs na de vrede gesloten werd op 31 Mei 1902 als hoofd van een ambulance onder het Roode Kruis aan het volk der gewezene Republiek eene groote geneeskundige hulp heeft verleend en dit steeds met de grootste opoffering en bereidwilligheid.

Ik meen, dat geen dokter meer gedaan heeft om aan ons geneeskundige hulp te verschaffen dan dr. Aart Jurriaanse voornoemd, vooral wat persoonlike opofferingen betreft.

Ook kan ik verklaren dat hij al zijne patienten met het grootste sukses heeft behandeld, waaruit zijne bekwaamheid als geneeskundige blijkt.

Niet alleen mijn volk, maar ook ik ben grote dank en erkentelikheid aan dr. Jurriaanse verschuldigd voor de bekwaamheid, toegewijdheid en selfopoffering waarmede hij zich aan zijn liefdadig werk wijdde.

(w.g.)* Louis Botha
Londen, 2 December 1902

Jurriaanse wou na die oorlog sy familie terugsien en sy definitiewe vestiging in Suid-Afrika reël. Dié land het hom beval weens die ruimte en die klimaat en hy het met die Boere goed oor die weg gekom. Maar die sterkste magneet wat hom na Suid-Afrika getrek het, was 'n jongnooi, Margaretha Magdalena Sluiter, die niggie van Willem Hendrik Bührmann wat ek reeds vermeld het. Jurriaanse het haar in Ermelo of op "De Emigratie" ontmoet en intens verlief op haar geword. Hy wou met haar trou en as geneesheer op Ermelo praktiseer. Daarom was hy haastig om sy sake in Nederland te reël, toestemming van Britse sy te ontvang om as medikus in Suid-Afrika te praktiseer en terug te gaan na Suid-Afrika om met sy uitverkorene te trou en hom op Ermelo te vestig.

Mejuffrou Sluiter het gestam uit 'n ou geslag van intellektuelles in Nederland. Die eerste ons bekende Sluiter, die stamvader, was Albert, burgemeester van die Gelderse dorp Borculo in die laaste jare van die 16de eeu. Sy kleinseun Willem, 1627-1673, was predikant en 'n bekende godsdienstige digter.⁴⁵⁾ Onder sy nageslag was 'n professor Jan Otto, 1782-1825, dosent in 'n kollege in Deventer. Sy seun Hermanus Hendricus, 1814-1885, was predikant in Zwolle, Vlaardingen en Amsterdam. Die oudste van die vyf kinders van Hermanus en Philippa Metelerkamp was Jan Otto Herman Sluiter, 1883-19.. Laasgenoemde is die stamvader van die Sluiters in Suid-Afrika.⁴⁶⁾ Die familieoorlewing wat altyd met voorbehoud aanvaar moet word, verhaal dat hy regte in die Rijksuniversiteit in Leiden gestudeer het en 'n populêre bon-vivant (pretmaker, fuiver) was; na bewering het hy eens sy vader en 'n broer op besoek in Leiden genooi en het hy hulle met 'n stasiertyuig met vier skimmels bespan van die treinstasie afgehaal. Hierna het sy vader hom geen studietoelae meer gegee nie. Hy het omstreeks 1875 na Suid-Afrika geëmigreer. Na die stigting van Ermelo in 1880 is hy as assistent-landmeter aangeneem om die dorp te help uitmeet. Kort daarna in 1882 is hy tot eerste landdros van Ermelo benoem.⁴⁷⁾ In 1891 het hy om gesondheidsredes as landdros bedank. Ek vermoed egter dat hy 'n voordeleiger beroep wou gaan uitoefen want hy het in sake gegaan. Hy was die stigter en eerste sekretaris en besturende direkteur van die Ermelose Executeurskamer en Voogdij-Maatschappij. Met verloop van tyd het hy die volle beheer oor die maatskappy oorgeneem en hy was toe die enigste eienaar daarvan. Hy was ook penningmeester van die Nederduits Gereformeerde gemeente en Vrymesselaar.⁴⁸⁾

In 1877, dus reeds twee jaar na sy vestiging in Transvaal, is hy getroud met Henriëtte Charlotte Bührmann, gebore op 30 Augustus 1851, suster van Willem Hendrik Bührmann. Hulle het twee seuns en vyf dogters gekry.⁴⁹⁾ Die kinders se name is:

Petronella Johanna Philippa, gebore 27 Maart 1878

Margaretha Magdalena, gebore 28 Junie 1879, in 1902 getroud met Dr. Aart Jurriaanse

Hermanus Henricus, gebore 27 September 1880

Hendrika Theodora, gebore 1 Augustus 1882

Jan Willem, gebore 20 Mei 1886

Henriëtte Charlotte, gebore in 1889, vroeg oorlede

Anna Frederika, gebore 1894

Dit is my onbekend hoe Herman Sluiter en sy gesin die verwoesting van Ermelo beleef het. Jurriaanse vermeld dat Herman Sluiter ongeveer gelyktydig met hom alleen uit Suid-Afrika na Europa gereis en 'n aangename tyd met vriende in Groot-Brittanje en Duitsland deurgebring het, te lank na Jurriaanse se mening.

Grietje Sluiter

Herman Sluiter en een of meer van sy gesinslede het in 1900 na die Britse besetting van die Transvaalse stede vrywillig of gedwonge na Durban getrek en daar vermoedelik die orige oorlogsmaande deurgebring. Grietje het blykbaar in Ermelo agtergebleek om hulp te verskaf op Willem Bührmann se plaas "De Emigratie" wat in 1900 as hulphospitaal vir die Boerestryders en hul familie ingerig is. Jurriaanse het spoedig die leiding van die hospitaal oorgeneem omstreeks Julie 1900 en daar vermoedelik Grietje ontmoet en verlief op haar geword. Sy was gebore in 1879, in 1900 21 jaar en toe opgeblou van 'n nogal onaansienlike meisiekind tot 'n heel mooi jong vrou. Ons mag aanneem dat Herman Sluiter as landdros en sakeman aan sy kinders die beste opleiding gegee het wat hy kon en dat hy moontlik 'n huisonderwyser in diens gehad het. Haar kinders het my vertel dat Grietje se vader haar na 'n middelbare skool in Durban gestuur het. Sy het daar enkele jare gebly en stellig goed Engels en meer nuttige vakke geleer. Sy het dus 'n redelik goeie opleiding gehad.

Jurriaanse was gebore in 1873, dus ses jaar ouer, en het 'n Nederlandse gymnasium en universiteit besoek. Die verskil in intellektuele vorming en in

lewenservaring tussen hom en Grietje was dus baie groot, maar vir hom was dit geen belemmering vir sy huwelik met haar nie. Hy het 'n huisvrou en liefhebbende moeder van hul kinders gesoek en het geen huweliksmaat begeer wat 'n loopbaan wou volg en 'n "career woman" wou wees nie. Hy het gemeen dat die plek van sy eggename in die huisgesin moes wees. Sy verlowing met Grietje moet wel die belangrikste stoot gewees het vir sy besluit om na die oorlog op Ermelo te praktiseer waar sy digby haar ouers en in 'n vertroude omgewing sou bly. Trouens, die natuur en die bevolking van Oos-Transvaal het hom goed beval, ondanks twee jaar verblyf aldaar in moeilike oorlogsomstandighede en in 'n Derde Wêreldland, m.a.w. 'n onontwikkelde land onder Britse bestuur waarvan hy nie gehou het nie.

Haar oom Willem Bührmann noem haar in sy brief van 16 Julie 1900 "Maggie", maar Jurriaanse het haar altyd "Grietje" genoem, waarskynlik omdat hy Maggie te Engels gevind het. Hy het hom met haar verloof en spoedig na die Vrede van Vereeniging in Junie 1902 uit Durban op die skip 'Kronprinz' van die DOAL oor die Atlantiese Oseaan na Nederland gevaaar.

Die skip het by stormweer in Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad aangeloop. Hy skryf in Kaapstad aan Grietje dat hy baie seesiek was en die reis tot dusver onaangenaam vind.⁵⁰⁾ Van Kaapstad af het die weer verbeter. Hy het Las Palmas op die Kanariese eilande aangeloop en die geselskap aan boord, veral die kaptein, aangenaam gevind. Hy het op 3 Augustus 1902 in Vlissingen aangekom, die joernaliste wat hom daar opgewag het, ontwyk en haastig die trein na Rotterdam geneem. Helaas het hy daardeur die ontmoeting met sy bejaarde vader wat in Vlissingen op hom gewag het, misgelooop.

Na sy aankoms in Rotterdam het hy nog twee vraaggesprekke toegestaan aan 'n joernalis van die "Nieuwe Rotterdamsche Courant".

Ek het hierbo tweemaal na die vraaggesprekke verwys en gewys op die versigtigheid van Jurriaanse se mededelings oor sy verblyf op die oorlogsveld in Suid-Afrika.⁵¹⁾

Hy het in Nederland buitengewoon druk weke beleef en nouliks tyd gevind vir 'n weeklikse brief aan Grietje. Die twaalf briewe aan haar wat bewaar is, is dan ook kort en in groot haas geskryf. Dié is merendeels "billets doux", minnebriewe met innige liefdesbetuiginge en af en toe 'n saaklike mededeling. Hy wou sy familielede ontmoet, want hy was vir hulle baie lief, talle mense wou met hom praat om van sy oorlogservarings teerneem en hy het gepoog om deur

die Britse outhoorn as arts in Suid-Afrika toegelaat te word. Hy het spoedig vasgestel dat die Britse outhoorn 'n mediese graad van 'n Britse universiteit eis. Hy het Louis Botha in Den Haag besoek en hom gevra om die Britse outhoorn om sy toelating as arts in Suid-Afrika te versoek. Maar enkele weke later het Botha hom uit Londen berig dat hy die Britte daar toe nie bereid vind nie. Toe besluit Jurriaanse om in Groot-Brittannie die graad te verwerf en om vooraf in Nederland die dokterstitel te behaal -, soos ek vermoed om verwerwing van die Britse graad te vergemaklik. Die Britte het geweet van die hoë standaard van die mediese opleiding in bepaalde kontinentale universiteite, onder meer Leiden.

Hy het binne enkele weke 'n doktorale proefskrif geskryf. Die verhandeling was 'n verslag van sy mediese ervarings in Suid-Afrika sonder breë wetenskaplike agtergrond. Hy het professor J.A. Korteweg van die Rijksuniversiteit te Leiden, wat 'n paar maande van November 1899 tot Januarie 1900 as medikus in die Boererepublieke gewerk het, bereid gevind om as sy promotor op te tree en het ook medewerking van dr. C.W.S. Lingbeek, hoof van 'n Nederlandse ambulans in Suid-Afrika, ontvang.

Hy het in enkele weke 'n proefskrif geskryf, maar aan Grietje berig dat dit slegs 'n prul was weens tekort aan 'n wetenskaplike grondslag. Hy het sy proefskrif met Dr. Lingbeek bespreek. Toe dié hom vra om 'n paar gedeeltes uit te brei, het hy beslis geweier, omdat dit ekstra tyd sou verg en hy op 4 Desember 1902 hom na Durban wou inskeep. Lingbeek het toegegee.

In Nederland moet 'n proefskrif gepubliseer, d.w.s in 'n minimum aantal eksemplare gedruk en versprei word. Jurriaanse se verhandeling moes voor die promosie nog gedruk word. Die teks bevat opmerklik min drukfoute ondanks die haas waarmee dit ongetwyfeld geset en gedruk is. Die promosie het plaasgevind in die universiteit te Leiden op Vrydag, 14 November 1902. Vir dié plechtigheid is 'n minimum aantal van 6 tot 8 professors voorgeskryf. Daar was selde meer van hulle aanwesig, maar by Jurriaanse se promosie het ongeveer 40 professors verskyn hoewel die proefskrif min wetenskaplik en die promosie akademies van beskeie betekenis was. Die doel van die professors was kenlik om hom te eer vir sy mensliewende en onbaatsugtige werk jarelank op die oorlogsveld. Ons moet besef dat die regerings van die Boererepublieke aan die buitelandse oorlogsvrywilligers, die medici inbegrepe, geen vergoeding gegee het nie en dat die medici, onder wie Jurriaanse, van hulle geen salaris ontvang het

nie. Die Britse media het dit nie geglo nie en steeds die buitelandse vrywilligers "mercenaries", d.w.s. huursoldate, genoem.

'n Akademiese promosie in Nederland verskil veel van die in Angelsaksiese lande, ook van Suid-Afrika. Die promosie vind plaas in die openbaar, die promovendus verdedig sy proefskrif en stellings 'n uur lank teen dikwels skerp kritiek van professors en lede van die publiek wat daarvoor verlof moet vra. Die kritiek is nie persoonlik nie en die doktorsgraad word vrywel altyd toegeken, maar dit is tog 'n uur vol spanning. Daarom word die promovendus op die verhoog geflankeer deur twee "paranimfe", gewoonlik vriende of familielede, vir morele steun. Wie Jurriaanse se paranimfe was, verneem ons nie.

Na bespreking van die proefskrif word die doktorsgraad toegeken en die doktorsdiploma oorhandig. Na die toesprake volg die promosietee in die universiteit en saans die groot feesmaaltyd deur die doktor aan familie en vriende aangebied.

Die promosie is die belangrikste gebeurtenis in die lewe van 'n Nederlandse akademikus na sy huwelik en dit word rojaal gevier. Ook Jurriaanse het die Nederlandse gewoonte gevolg, met sy paranimfe in 'n stasierytuig met vier perde na die universiteit gery en 'n groot feesdinee gegee. Hy is daarop met sy gaste gefotografeer.

Die uitgawes vir die druk van die proefskrif, die promosieseremonieel en die promosiedinee is in Nederland aansienlik. Aart Jurriaanse het stellig nie die geld daarvoor gehad nie. Ek veronderstel dat sy vermoënde vader die uitgawes betaal het. Aart skryf aan Grietje oor sy vader dat hy nogal suinig is, maar dat hy hom aangebied het om hom na sy huwelik met Grietje geldelik te steun indien hy in Nederland sou bly - ek veronderstel moontlik deur geld vir aankoop van 'n mediese praktyk te verskaf. Natuurlik het Aart die aanbod nie aanvaar nie, want hy wou geldelik onafhanklik wees en in Transvaal praktiseer.

Enkele weke na die promosie, op 4 Desember 1902, het hy hom ingeskeep na Durban. Grietje het hom in dié stad ingewag en hulle is daar getroud. Nog in dieselfde maand Januarie 1903 het hulle van Durban na Europa gevaar. Hulle het hulle na Groot-Brittanje begewe en daar het Jurriaanse 'n halfjaar gestudeer en gepraktiseer om sy Britse sertifikaat as geneesheer te ontvang en in Suid-Afrika te mag praktiseer. Hy het die sertifikaat in Londen verwerf en in 1904 met Grietje na Transvaal teruggegaan en sy private praktyk op Ermelo en in die omstreke geopen.

Die inhoud van Jurriaanse se proefskrif

Die titel lui: "Veldambulances en wondbehandeling te velde". Die verhandeling tel 81 bladsye en is gedruk deur S.C. van Doesburgh te Leiden. Die promotor of eerste studieleier was prof. J.A. Korteweg. Jurriaanse skryf in sy Voorrede beskeie: "Dat deze verhandeling een minder wetenschappelik karakter draagt dan in het algemeen van een proefschrift vereischt wordt, is niet te ontkennen. Ondanks dit bezwaar heeft professor Korteweg, in aanmerking nemende de omstandigheden waaronder deze verhandeling geschreven werd, er in toegestemd als mijn promotor op te treden..."

Hy is van mening dat die Anglo-Boereoorlog 'n geheel nuwe soort oorlog is, naamlik sonder massale aanvalle en met 'n beweeglike front en verspreide gevegte. Dit het tot 'n herorganisasie van mediese militêre dienste genoodsaak, aangesien sonder goeie mediese versorging die soldate se moreel daal by die vooruitsig om na verwonding sonder hulp op die slagveld te bly lê.⁵²⁾ Net soos prof. Korteweg⁵³⁾ skryf hy dat aan die begin van die Anglo-Boereoorlog daar 'n volslae gebrek aan organisasie onder die geneeshere by die Boerekommando's was. 'n Ieder het gedoen soos hom behaag het, hy het die leiding van 'n veldambulans, 'n hospitaaltrein ens. geneem sonder om te vra wat die nuttigste was en hoe die medici die beste kon saamwerk. "Er was bij den aanvang in naam een centrale leiding: het hoofdbestuur der Transvaalsche Roode Kruisvereeniging. Doch weldra werd, tengevolge van het wantrouwen der (ZAR)regeering tegen sommige leden van het hoofdbestuur (vermoedelik weens hul Britse afkoms - C. de J), de directie der ambulance-zaken opgedragen aan de daartoe benoemde Medische Commissie. Ook deze Commissie vermocht niet orde in den chaos te brengen."⁵⁴⁾

Hy som die eise op waaraan 'n goeie ambulans moet voldoen, eise wat meermale geïgnoreer word, soos 'n groot voorraad komberse, lakens, klerasie, onbreekbare skottelgoed, kos en vervoermateriaal met trekdiere. Hy vind dit nutteloos om materiaal byeen te bring sonder die sekerheid dat alles na veiligheid vervoer kan word.

Hy vestig die aandag op nagevolge van verwondings, onder meer gevallen van epilepsie as gevolg van bominslag (shell shock). Sy proefskrif is geskryf voor die invoering van outomobilvervoer en dus ten dele verouderd. 'n Paar punte is nog van historiese belang. Hy prys die ambulanstreine vir vervoer van gewondes en siekies weg van die front, soos die treine wat binne enkele dae deur

die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in Pretoria ingerig is. Hy wei uit oor die verwondinge deur geweerkoeëls⁵⁵⁾ waарoor tydens en kort na die oorlog veel geskryf is. Ten minste 90% van die wonde kom op rekening van klein kaliber geweerkoeëls, te wete Mauserkoeëls van die Boere en Lee-Metfordkoeëls van die Britte asook van die Boere toe hul Mauserammunisie uitgeput was. Die wonde wat die twee gewere maak, verskil baie min. Opvallend is die klein openings wat die koeëls by die binnedring en die verlaat van die liggaam agterlaat. Raak hulle geen been, dan is die bloeding en weefselskade klein en genees die wond vinnig, aldus Jurriaanse.

Britte en Boere het mekaar dikwels beskuldig van gebruik van koeëlsoorte wat deur verdrae vir oorlogvoering verbied is. Jurriaanse noem drie soorte: (1) die "soft-nose bullet"; daarby is die kopernikkelmanTEL aan die punt vervang deur 'n spits van sage lood; (2) "split bullet", waarby oor die volle lengte van die mantel vier oorlangse snedes aangebring is; (3) dum-dum nr.4 (genoem na die fabriek in Brits-Indië); hulle het 'n volledige mantel, maar in die punt 'n kanaal van 1 cm diepte en 2 cm breedte. Die drie koeëlsoorte spring uit mekaar wanneer hulle 'n stellig voorwerp tref en veroorsaak baie groot weefselskade en uitgangsopeninge in die liggaam. Jurriaanse voeg by dat die eerste twee soorte dan ontploff wanneer hulle vanaf 500 meter of korter afgeskiet word, en dat talle kombattante in Suid-Afrika beweer dat die trefkans van dum-dum nr. 4 veel kleiner is as van ander koeëlsoorte. 'n Afdoende verklaring ontbreek. Ek vermoed dat die bewering miskien geïnspireer is deur die besondere reputasie van dum-dum en ongegrond is.

Jurriaanse vind die beskuldigings van gebruik van ongeoorloofde koeëlsoorte aansienlik oordrewe; hy het baie min gevallen daarvan gesien.⁵⁶⁾ Hy meen dat ricochet- of opslagkoeëls wanneer hulle 'n liggaam tref, reeds vervorm is en soortgelyke wonde as ongeoorloofde koeëls maak.⁵⁷⁾

Sommige medici beweer dat gewone geweerkoeëls wat op heel kort afstand afgevuur word en tref, soortgelyke wonde as ontploffende koeëls veroorsaak. Net soos dr Küttner, die arts van die Duitse ambulans by die Boere, neem Jurriaanse aan dat dit slegs dan optree wanneer verbrandingsgasse in die wond dring.

Hy het oor die algemeen 'n gunstige mening oor die behandeling van wonde deur Boere sonder mediese opleiding, maar Hero Tileman is oor dié behandeling nie altyd tevrede nie. Hy het besware teen verskeie huismiddels en boererate wat Boervrouens graag toepas, en veral teen haar gewoonte om gewondes vol met

voedsel, veral mielies, te stop. Die gevolg daarvan by maag- en buikwonde is altyd noodlottig. Jurriaanse wil dergelike gewondes in geen omstandighede vervoer nie.

Jurriaanse⁵⁸⁾ (p.79) en sterker nog Tileman⁵⁹⁾ (p.351) meen dat die Britse artse te veel en nodeloos amputeer. Kontinentaal-Europese artse het veel minder amputasies nodig gevind. Ek opper dat die verklaring van dié verskil miskien is dat die Britse medici dikwels veel meer ernstig gewondes moes versorg as die Boere-artse en dat hulle veel meer gevalle van wondinfeksie en verettering vasgestel het, sodat hulle eerder wou amputeer.

-o-

Verwysings by lewenskets van Dr. A. Jurriaanse, deel I en aantekeninge

- 1) Brief van Argief munisipaliteit Rotterdam aan C. de Jong 21 Augustus 1989, nou in Jurriaanseversameling in die Jurriaansekamer, Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria.
- 2) Uit Oudargief van Erasmiaansch Gymnasium in Argief munisipaliteit Rotterdam, in Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 3) Brief van kurator van Douzaversameling in biblioteek Rijksuniversiteit Leiden aan C. de Jong, 4 September 1989, in Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 4) F.V. Engelenburg en G.S. Preller, "Onze krijgs-officieren", uitgawe "De Volksstem", Pretoria 1904, Aart Jurriaanse, p.220.
- 5) F.V. Engelenburg en G.S. Preller, "Onze krijgs-officieren", t.a.p. oor dr. J.C.J. Bierens de Haan, p.235-236.
- 6) Oor dr. J.H. Pameyer kyk H.S.N. Menko, "Contributions of the Netherlands to the development of South African medicine, 1652-1902", proefskrif Universiteit van Amsterdam, J.H. de Bussy, Amsterdam ens, 1954, p.140-146.
- 7) Oor dr. Hero Tileman kyk F.V. Engelenburg en G.S. Preller, "Onze krijgs-officieren", t.a.p., p.203-204.
- 8) Oor dr. Florian Albrecht en ander Oostenrykse artse by die Boerekommando's kyk E.A. Schmidl, "Oesterreicher im Burenkrieg 1900-1902", proefskrif Universiteit van Wenen, 1980, ongepubliseerd, pp.278-291.

- 9) Menko, "Contributions of the Netherlands" t.a.p., p.136. Menko haal hierdie mening van Korteweg aan uit 'n artikel van Korteweg in 'n Nederlandse tydskrif.
- 10) Brief van Jurriaanse aan sy familie uit Luckhoff, 22 Februarie 1900, in Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 11) 'n Verslag van die geveg by Windpomp staan in J.H. Breytenbach, "Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika", deel 4, Staatsdrukker, Pretoria 1977, p.168-169.
Jurriaanse het volgens sy opsomming van deur hom bygewoonde gevegte 1900-1902 op p.51 van sy proefskrif "Veldambulances en wondbehandeling te velde", Leiden 1902, ook die daarna volgende geveg by Winterhoek omstreeks 13 Februarie 1900 onder bevel van generaal C.R. de Wet bygewoon; die geveg is beskryf deur J.H. Breytenbach, t.a.p. deel 4, p.176-180.
- 12) Daar is hard geveg om die heerskappy oor Tubakop by die berg Thaba Nchu op 26 April 1900 en volgende dae. Die Boere en buitelandse vrywilligers het die Tubakop geneem en moedig verdedig en ten slotte verlaat weens die Britse oormag. Veral die buitelanders het daar gevoelige verliese gely.
- 13) Brief van eggenote van M. Hollenbach te Waterval-Boven aan Anna Jurriaanse, suster van Aart Jurriaanse in Nederland, gedateer 24 Mei 1900, in afskrif in Jurriaanseversamelaing, Universiteit van Pretoria.
Oor hierdie familie Hollenbach kyk Jan Ploeger en Gideon de V. de Kock, "Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika 1800-1900" in Publikasiereeks van Departement Rekenaarwetenskap, Universiteit Port Elizabeth, 1989, p.98-99. Van die ses Hollenbachs wat hulle noem, is Jan Hendrik waarskynlik die vader van Karel en Hans Hollenbach. Hy is gebore in Arnhem, Nederland, en het in 1869 (Ploeger vermeld 1889 maar dit is onaanneemlik) na Suid-Afrika geëmigreer. Hy trou in 1879 met Hermine Johanna Breyer, waarskynlik van Nederlandse afkoms. Hulle het vyf kinders gekry, onder wie waarskynlik Karel en Hans. Hy was argitek en vanaf 1894 tekenonderwyser in die Staatsgymnasium in Pretoria. Hy het hom in September 1899 kort voor die Anglo-Boereoorlog by die Hollanderkorps aangesluit, maar nie aan krygsverrigtings deelgeneem nie. Ook Karel en Hans het op kommando gegaan. Volgens

Jan Hendrik Coetzee in "The Highveld Herald" te Ermelo van 5 Junie 1970 was hy 'n medeleerling van Hans in die Staatsgymnasium. Hans het in Mei 1900 na Vereeniging gereis en hom daar as helper by Jurriaanse se ambulans aangesluit. As drywer van 'n ambulanswa het hy die gewonde J.H.Coetzee op 7 Januarie 1901 by Machadodorp opgelaaai en na 'n noodhospitaal op Carolina gebring. Volgens mev. J.F. Visser, dogter van dr. Jurriaanse, het Hans na die oorlog boer en handelaar by Ermelo geword. Ook sy broer Karel het hom op Ermelo gevvestig.

Jan Hendrik Hollenbach het 'n broer gehad, M.C. of M.K. Hollenbach wat as onderwyser na Transvaal geëmigreer het en wat Engels en Frans kon onderrig. Hy het in 1898 onderwyser op Waterval-Boven geword, aldus Ploeger, "Nederlandse emigrasie" t.a.p. p.99, waarskynlik in 'n skool wat deur die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) vir sy personeel gestig is. Hy het hom in September 1899 by 'n Boerekommando aangesluit en diens by Swaziland gedoen. Hy het siek tuisgekom en na sy herstel met sy ega na die front by Kimberley vertrek om helpers by 'n ongenoemde ambulans te word. Aldus 'n brief van sy vrou aan Anna Jurriaanse in Nederland uit Waterval-Boven, 24 Mei 1900, in versameling Jurriaanse, U.P.

- 14) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.37.
- 15) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.13.
- 16) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.38
- 17) Tobias Smuts, 1861-1916.

Lewensloop in siviele betrekings voor 1899.

Hy is op 25 November 1861 op Krugerspost in die distrik Lydenburg gebore. Hy het onderwys op Stellenbosch ontvang, enkele jare in die Staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gewerk en daarna geboer in die distrik Ermelo. Hy het vervolgens eers landdrosklerk geword en in 1899 gedien as lid van die Eerste Volksraad van die ZAR.

Militêre loopbaan

Sy loopbaan as krygsman bestaan uit die veldtog teen die Ba-Xananna onder hul hoofman Mmalabôhô (Malabog) (1861-1939) in Zoutpansberg in 1894, die stryd teen die Noord-Sotho-hoofman Magoeba (Makgobe) in 1895 en die veldtog teen die Vendaopperhoof Mphephu, wat van omstreeks 1870 tot 1921 geleef het, in 1897-1898. Smuts was aanvanklik veldkornet en is in die oorlog teen die Venda's bevorder tot kommandant van die Ermelose kommando.

Volgens F.V. Engelenburg en G.S. Preller, "Onze krijgsofficieren" (Pretoria 1904), p.64, was hy veldkornet by die Houtbosberg-ekspedisie en tydens die Venda-oorlog teen die opperhoof Magato (Makhado) wat geleef het van omstreeks 1825 tot 1895.

Na die uitbreek van die Tweede Anglo-Boere-oorlog op 11 Oktober 1899 het Smuts na Natal opgeruk en later as assistent-kommandant die Ermelose kommando aangevoer. Na die slag by Colenso op 15 Desember 1899 is hy tot veggeneraal bevorder. Hy veg by Spioenkop en Vaalkrans. As assistent-kommandant-generaal trek hy met Transvalers na die Oranje-Vrystaat om die opmars van die Britte onder lord Roberts te stuit. Die Boere het nie daarin geslaag nie.

Tydens die ongereëlde of sluipoorlog opereer hy meestal op die Hoëveld en in die Suidoos-Transvaal. Hy het in Junie 1901 Swaziland binnegeval en Bremersdorp, 'n rowersnes, verwoes. Kommandant-generaal Louis Botha wou die neutraliteit van Swaziland onder alle omstandighede respekteer, het Smuts se inval veroordeel en hom gedegradeer van generaal tot gewone burger. Smuts het tot die einde van die oorlog daaraan deelgeneem.

Na die oorlog het hy weer in die distrik Ermelo gewoon. Hy was betrokke by die stigting van die politieke party "Het Volk" deur Louis Botha in 1904 en het die Oos-Transvalse tak van die party gestig. Vanaf die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot sy dood in 1916 was hy lid van die Volksraad. Aldus J. Ploeger t.a.p. en R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", Stadsraad van Ermelo 1980, pp.167-168. Laasgenoemde skryf: "Hy was altyd 'n vurige ondersteuner van genl. Louis Botha en 'n

stigerslid van die Het Volk party en van die Zuid-Afrikaanse Partij (ondanks sy degradering deur generaal Botha, voeg ek by). Hy is op 2 November 1884 op Ermelo getroud met Johanna Jacoba Bührmann, 'n dogter van Hendrik Theodor Bührmann en sy tweede eggenote Johanna Jacoba Neethling; hulle het een seun en twee dogters gekry. Op 10 Augustus 1916 is hy op Elandsfontein in die distrik Barberton oorlede.

'n Familielid van Tobias was Alexius Smuts, ook van Ermelo, en swaer van Grietje Sluiter, Jurriaanse se eggenote. Alexius was 'n seun van Adriaan Smuts en Anna Frederika Schomberg en is op 8 April 1870 op Riebeeck-Wes gebore. Na sy skoolopleiding op Stellenbosch het hy in 1892 klerk by die Ermelose Executeurskamer en Voogdij Maatschappij getree waarvan Jan Otto Herman Sluiter besturende direkteur was. Alexius is in Desember 1902 te Durban getroud met Philippina Johanna Petronella Sluiter, oudste dogter van Herman Sluiter en suster van Grietje. Alexius was van 1904 tot 1933 ononderbroke lid en enkele jare voorsitter van die dorpsraad, later stadsraad. Hy is in 1935 te Port Elizabeth tydens vakansie oorlede. Aldus R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", p.18-19.

- 18) Brief uit Ermelo, Oos-Transvaal, van 18 Junie 1900, aan Aart Jurriaanse se familie in Nederland, in Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 19) Opsomming van gevegte wat deur dr. Aart Jurriaanse bygewoon is, in A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te veld", t.a.p., p.51.
- 19 bis) J.C. Kakebeeke, "Die slag van Elandslaagte", in "Die Huisgenoot", 21 Mei 1937, p.38.
- Hy was 'n gebore Nederlander, vrywilliger en lid van die Hollanderkorps wat by Elandslaagte op 21 Oktober 1899 geveg het, en 'n ver familielid van Jan Pieter Kakebeeke, hoofbestuurder van die Nederlandse Bank van Suid-Afrika in die jare 40 en 50 te Pretoria. J.C. was later lid van die komitee vir die oprig van 'n standbeeld van President M.T. Steyn te Deventer, Nederland, in 1920.
- 20) Marius J. Swart, "Hendrik Theodor Bührmann", HAUM, Kaapstad-Pretoria, 1963; hierdie biografie bevat niks oor die kinders van die hoofpersoon nie.

- 21) Kyk verwysing 17: J. Ploeger oor Tobias Smuts.
- 22) J.D.P. Opperman, "Die geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting tot 1902", Magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria, Januarie 1948, ongepubliseerd, p.184.
- 23) Opperman, "Die geskiedenis van Ermelo", t.a.p., p.186.
- 24) R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", Stadsraad van Ermelo, 1980.
Willem Bührmann het dadelik na die Vrede van Vereeniging die beweging vir Christelike Nationale Onderwijs (CNO) gesteun. Op sy plaas Uitkomst by Ermelo is op 10 Februarie 1903 een van die eerste CNO-skole in Transvaal geopen. Hy het leerlinge van die skool op sy plaas gehuisves. Die skool is na die dorp Ermelo verskuif en daar op 2 Augustus 1904 heropen.
- 25) Brief van Willem Hendrik Bührmann aan mej. Maggie Sluiter van 16 Julie 1900, in Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 26) Wapenskild van munisipaliteit Ermelo teenoor titelblad van R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", t.a.p., met toelighting op p.38.
- 27) "Nieuwe Rotterdamsche Courant", 5 en 6 Augustus 1902, jaargang 50, nr. 186.
- 28) J.D. Kestell en D.E. van Velden, "De vredesonderhandelingen tusschen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de vertegenwoordigers der Britsche Regeering", J.H. de Bussy, Pretoria-Amsterdam, 1908, p.55-56.
- 29) J.D. Kestell en D.E. van Velden, "Vredesonderhandelingen enz", t.a.p., p.63.
- 30) Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.51.
- 31) Kyk oor die familie Hollenbach te Pretoria, uit Nederland geïmmigreerd, verwysing 13.
- 32) Opperman, "Die geskiedenis van Ermelo", t.a.p., p.231.
J.H. Coetzee, "Dr. Aart Jurriaanse (in memoriam)", in "The Highveld Herald", Ermelo, Friday, June 5, 1970, p.4, 5.
R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", p.161, lewenskets van J.H. Coetzee: inwoner van Ermelo, 1905-1908 werksaam by die prokureursfirma Louw en Collins, 1908-1939 sekretaris van die Skoolraad, getroud met Anna Kleynhans; hy is oorlede op 13 Januarie

- 1977; hy was skrywer van talle artikels in "Die Hoëvelder" te Ermelo; onder meer die bogenoemde artikel oor dr. Aart Jurriaanse.
- 33) Maurice H. Grant, "History of the War in South Africa, 1899-1902" volume 4, Londen 1910, p.114-115.
 Rayne Kruger, "Goodbye Dolly Gray, The story of the Boer War", Londen 1960, p.407-408.
 Grant skryf op p.115: "At 4.15 (p.m.) the commandos abandoned the attack and passed on, leaving 33 killed and wounded in the field and filling every farm with their injured."
- 34) Die uitvoerigste beskrywing van die veldtog is die monografie van Dermot Michael Moore, "General Louis Botha's second expedition to Natal, September-October 1901", Historical Publications Society, Cape Town, 1979, 110 pp.
- 35) Hero Tileman, "Tagebuchblätter eines deutschen Arztes aus dem Burenkrieg", München 1908, p.116, p.316 en 322, berig: "In September 1901 begleiteten Dr. Albrecht zusammen mit Dr. Jurriaanse und Dr. Leitz die Unternehmung General Bothas nach Natal, die aber vorzeitig abgebrochen werden musste."
- 36) Jurriaanse skryf in sy proefskrif "Veldambulances" op p.4, dat hy tydens 'n nie nader aangeduide geveg in die distrik Vryheid berig ontvang het oor 'n elders swaar gewonde burger; om hom te bereik moes Jurriaanse 'n terrein oorsteek waar dit koeëls en granate gereën het. Hy beken eerlik: "ik durfde niet", omdat niemand hom kon help wanneer hy daar gewond sou raak en - so voeg ek by - omdat sy bystand as medikus daar onontbeerlik was; pretensies van heldedom was hom vreemd. - Die bedoelde geveg moet die bestorming van Itala op 26 September 1901 wees; kyk D.M. Moore, t.a.p., p.85.
- 37) Jurriaanse berig in die "Nieuwe Rotterdamsche Courant" van 5 Augustus 1902, p.1, oor "de honderden Boeren, die de Engelschen zeiden begraven te hebben, ten einde verhoudingsgewijs hun eigen verlies te verkleinen". Die koerant vervolg: "Dr. J. was na de bestorming op die kop (van Fort Itala) geweest; zijnerzijds wilde hij het verlies van de Engelschen niet schatten, maar er lagen veel doode khaki's in het rond, zeker veel meer dan Boeren, die, de doodelijk gewonden meegerekend, een twintigtal

- dooden hadden. Betrekkelijk was hun verlies toen toch zwaar, maar de bestorming was ook uiterst moeilijk en zij moesten zich erg blootgeven."
- 38) Rayne Kruger, "Good-bye Dolly Gray, the story of the Boer War", Londen 1960, p.448, gee 'n geromantiseerde en onnoukeurige verslag van Botha se ontsnapping deur Gelukskloof. - Voor sy nagtelike rit deur Gelukskloof het Botha die burgers van die grensdistrikte Vryheid, Wakkerstroom en Utrecht weggestuur en in groepies uiteen laat gaan, volgens Moore, t.a.p., p.85.
- 39) Herman Ferreira, "Die Nederlandse ambulanskorpse in Suid-Afrika gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", Magistersverhandeling Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Desember 1981, p.28-29, 182-185.
 H. Pameyer in "Handelingen van het Nederlandsche Roode Kruis", t.a.p., p.201-209; sy verslag is uitvoerig aangehaal deur H.S.N. Menko, "Contributions of the Netherlands", t.a.p., pp.140-145, en deur H. Ferreira, "Die Nederlandse ambulanskorpse in Suid-Afrika", t.a.p., p.164-184.
- Hero Tileman, "Tagebuchblätter eines deutschen Arztes aus dem Burenkrieg", t.a.p.; hy was arts by die eerste Duitse ambulans en het tot die einde van die oorlog by die Boerekommando's werksaam gebly; sy ervarings is vervat in 'n lywige boek en is die uitvoerigste en aangrypendste verslag van medici aan Boerekant in Suid-Afrika.
- 40) E.A. Schmidl, "Oesterreicher im Burenkrieg", t.a.p., p.289-290; hy haal die "Ermelo Post" van 16 Januarie 1901 aan.
- 41) H. Ferreira, "Die Nederlandse ambulanskorpse in Suid-Afrika" t.a.p. p.184.
- 42) Hero Tileman, "Tagebuchblätter eindes deutschen Arztes", t.a.p., p.216.
- 43) Hero Tileman, "Tagebuchblätter eines deutschen Arztes", t.a.p., p.357.
- 44) Die briefwisseling oor die soektog na en opsporing van dr. A. Jurriaanse in Suid-Afrika 1901-1902 is in die Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.
- 45) Oor die Nederlandse godsdiestige digter Willem Sluiter het Dr. C. Blokland die uitvoerige boek "Willem Sluiter, 1627-1673", Van Gorcum & Co, Assen, 1965, laat verskyn.

46) Die reeks "Nederlandsch Patriciaat", jaargang 3, 1923, 's-Gravenhage, 1923, 352-358, bevat 'n uitvoerige oorsig van die opeenvolgende geslagte Sluiter in Nederland en in Suid-Afrika van Jan Otto Herman Sluiter en sy eggenote Henriette Bührmann en hul kinders.

47) Daar bestaan 'n familie-oorlewering betreffende Jan Otto Herman Sluiter, opgeteken deur 'n ongenoemde en gerig aan mnr. Jan Otto Herman Sluiter in Rustenburg, waarskynlik 'n kleinseun, gedateer 20 Oktober 1979; die aantekening is in die Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria, onderafdeling familie Sluiter.

Die familie-oorlewering, beweer dat Jan Otto Herman Sluiter by die uitbreek van die Eerste Anglo-Boereoorlog in Desember 1880 sekretaris van generaal R.J. Joubert geword het, omdat hy 'n intellektueel en opgeleid was en goed Nederlands, Engels, Frans en Duits geken het. Hy het noulike opgestel van die wapenstilstandsonderhandelinge in die huis van O'Neil by die Majoebaberg in Maart 1881. Tydens die konferensie het Britse offisiere mekaar in Frans gesê dat hulle Britse troepe wou beveel om die wapenstilstand te verbreek. Sluiter sou die gesprek aan Kruger meegehou het. Dié het toe verhinder dat 'n Britse ordonnans die opdrag van die offisiere oorgebring het. Dit is egter 'n onhistoriese variasie van 'n bekende toedrag. Die memorandum verwys na die bronsplaat op die standbeeld van president Kruger op Kerkplein te Pretoria wat die besprekings in O'Neil se huis weergee, en beweer dat een van die afgebeelde persone generaal Joubert se sekretaris Sluiter is.

Die familie-oorlewering ontbeer historiese grond. F. Lion Cachet, "De worstelstrijd der Transvalers", derde druk, Pretoria, sonder jaar, p.569, noem onder die aanwesiges op die konferensie in O'Neil se huis nie Sluiter nie. Dié was in 1880 en 1881 besig te Ermelo in Oos-Transvaal wat kort tevore gestig was.

48) R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", t.a.p., p.19.


49) R.T.J. Lombard, "Ermelo 1880-1980", t.a.p., p.19, 21. Ek heg meer geloof aan Lombard se historiese berig as aan die familie-oorlewering oor Jan Otto Herman Sluiter in verwysing 47.

50) Aart Jurriaan het op die skip 'Kronprinz' drie brieve aan Grietje Sluiter geskryf; hulle is in die Jurriaanseversameling, Universiteit van Pretoria.

- 51) "Nieuwe Rotterdamsche Courant", 5 en 6 Augustus 1902.
- 52) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde" t.a.p., p.4.
- 53) H.S.N. Menko, "Contributions of the Netherlands", t.a.p., p.133-134.
- 54) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.6.
- 55) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.56-62.
- 56) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.62.
- 57) H.S.N. Menko, "Contributions of the Netherlands", t.a.p., p.145, merk op dat dr. Pameyer berig dat hy verskeie wonde gesien het wat deur dum-dum-koeëls veroorsaak is (miskien is ontplofbare koeëls hier toepasliker - C.de J.), maar dat prof. Korteweg nooit 'n wond gesien het waarvan hy met sekerheid so 'n koeël as oorsaak kon aanwys nie.
- 58) A. Jurriaanse, "Veldambulances en wondbehandeling te velde", t.a.p., p.79.
- 59) Hero Tileman, "Tagebuchblätter eines deutschen Arztes", t.a.p., p.351 - H.S.N. Menko, "Contributions of the Netherlands", t.a.p., p.146, skryf hieroor: "Both authors (Pameyer en Korteweg) agree ... on the point that while the Dutch doctors refrained from amputations and hardly ever performed them, these mutilating operations were far more often done by British surgeons. The same is said by A. Jurriaanse..."



DR. J. C. J. BIERENS DE HAAN.



DR. H. TILEMAN.

Dr. A. JURRIAANSE

Dr. A. Jurriaanse, in 1872 geboren, voltooide zijn opvoeding te Leiden en te Weenen, Oostenrijk, en vertrok bij 't uitbreken van de laatste oorlog op eigen kosten met een volledige uitrusting naar Transvaal, vanwaar de Regering hem aanstonds als hoofd van een Veld-hospitaal naar 't zuiden van de Vrijstaat zond. Hij was aanwezig bij verscheiden gevechten, o.a. bij de verovering, door Genl. Chr. de Wet - destijds nog Kommandant - van Lord Roberts' leger-tros; vervolgens sloot hij zich aan bij de kommando's van Genl. de la Rey, daarna van Genl. Philip Botha. Na 't gevecht bij Zandrivier bevond Dr. Jurriaanse zich voor de tweede maal zonder kommando, toog naar Transvaal en verbond zich met 't Ermelo kommando, op verzoek van Genl. Tobias Smuts, woonde de veldslagen van Donkerhoek, Bronkhorstspruit en Dalmanutha bij en deelde daarna het guerilla-leven van genoemd kommando. Geruime tijd was hij de enige geneesheer tussen Machdodorp en Volksrust, van Swaziland tot Standerton. Op de plaats van de heer W. Buhrmann, Ermelo distrik, had hij zijn centraal hospitaal gevestigd, vanwaar hij met zijn ambulance door 't Hogeved kruiste. Bij de veldtocht naar Zululand, met name bij de slag van Itala, was Dr. Jurriaanse ook tegenwoordig. En behalve gewonde burgers had hij ook de niet gevangnen vrouwen en kinderen onder zijn zorg.

Na 't sluiten van de vrede begaf Dr. Jurriaanse zich naar Engeland, waar hij in September 1903 te Londen een geneeskundig examen aflegde en daardoor het recht kreeg in Transvaal mediese praktijk uit te oefenen. Sinds Januari 1904 is Dr. A. Jurriaanse als geneesheer te Ermelo gevestigd.

Uit F.V. Engelenburg en G.S. Preller, "Onze krijgs-officieren", uitgegee deur "De Volksstem", Pretoria, 1904.



DR. A. JURRIAANSE,

DIE GEREFORMEERDE KERK PRETORIA (DIE PAUL KRUGER-KERK)

deur J.A. Pretorius

Posbus 48891, Hercules, 0050, tel 379-4835

Sedert die verskynning van die eerste uitgawe van die "Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" in 1870 is die jaar 1859 aanvaar as die jaar waarin die Gereformeerde Kerk Pretoria (die Paul Kruger-Kerk) gestig is. Enkele jare gelede egter is die datum verander na 1863. Waarskynlik is hierdie verandering gemaak na aanleiding van die beskouing van prof. Bouke Spoelstra in sy proefskrif "Die 'Doppers' in Suid-Afrika 1760 - 1899".¹⁾

Op 11 Februarie 1859 is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te Rustenburg herstig onder leiding van ds. (later prof) Dirk Postma. Dit was nie 'n nuwe gemeente wat gestig is, of 'n gemeente wat van 'n ander afgestig is nie. 'n Nuwe kerkgemeenskap het tot stand gekom. Die totstandkoming het geskied in "abnormale omstandighede ... en was ook die prosedure, hereby aanpassend, abnormaal".²⁾

Die totstandkoming van die nuwe kerk is formeel aan die Volksraad van die ZAR bekend gemaak, nie as Gereformeerde Kerk (of Gemeente) Rustenburg nie, maar as die Gereformeerde Kerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Die totstandkoming van die nuwe kerk was terselfdertyd die stigting van die plaaslike kerk (gemeente) van Rustenburg. Al die (kerke) gemeentes wat daarna in Transvala gestig is, is gestig uit en in die naam van die Gereformeerde Kerk in die ZAR. Gevolglik was dit nie nodig om die Volksraad van die stigting van elke afsonderlike nuwe kerk in kennis te stel nie, en dit is ook nie gedoen nie. By die stigting van die gemeentes in die Vrystaat en die Kaapkolonie is dit wel gedoen omdat daar ander burgerlike owerhede was wat van die nuwe kerk moes kennis neem.

Dit lyk dus nie reg dat Spoelstra die feit dat die owerheid nie in 1859 van die stigting van die ander kerke, byvoorbeeld Pretoria en Potchefstroom, in kennis gestel is nie, as rede aanvoer waarom hierdie ander gemeentes nie in 1859 gestig kon gewees het nie.¹⁾

Daar is egter getuienis wat daarop duい dat die Gereformeerde Kerk Pretoria (Paul Kruger) reeds in 1859 gestig is.

- 1) Prof Jan Lion Cachet: By die stigting van die gemeente Rustenburg het al die geesverwante in die ZAR hulle by die gemeente aangesluit. Dit kon egter nie so bly nie, omdat die afstande te groot was om een gemeente te vorm. In dieselfde jaar word dan ook vier ander gemeentes gestig, naamlik Pretoria, Potchefstroom, Waterberg en Lydenburg.³⁾

Ook in die afdeling Kerklike Statistiek word al vier hierdie kerke aangegee as in 1859 gestig.⁴⁾

- 2) Almanak 1959: Ds Postma het in 1859 sewe gemeentes gestig naamlik Rustenburg, Pretoria, Potchefstroom, Waterberg, Soutpansberg, Lydenburg en Reddersburg.⁵⁾

In die statistiek "Vermeerdering en verspreiding van gemeentes" word aangedui dat in 1859 ses gemeentes in Transvaal bestaan het.⁶⁾

- 3) Prof. Dr. J.P. Jooste: Nog in die stigtingsjaar het die volgende gemeentes in Transvaal tot stand gekom - Pretoria, Waterberg, Lydenburg en Potchefstroom.⁷⁾

- 4) Prof. Dr. G.C.P. van der Vyver: Aan die einde van 1859 was daar nie minder nie as ses gemeentes waar hy (Postma) Woord en sakramant moes bedien, te wete in Transvaal: Rusenburg, Pretoria, Waterberg, Potchefstroom en Lydenburg (en Reddersburg in die Vrystaat).⁸⁾

Geeneen van bogenoemde bronne gebruik die woord "wyk" (van die Gereformeerde Kerk, Rustenburg) nie. In die eerste notuleboek van die gemeente Rustenburg word "wyk" ook nie gebruik nie, wel die woord "distrik". In die notule van die Algemene Kerkvergadering van die Gereformeerde Kerk op 19 Oktober 1860 word in artikel 14 gepraat van die "kerkraad" van die "onderscheidene gemeenten". In dieselfde notule word ook verwys na die afgevaardigdes as komende van die "distrikte".

- 5) Eerste Notuleboek van die Gereformeerde kerk, Rustenburg:
 - (a) Op bladsy 30 word gemeld dat reeds op 11 Februarie 1859 drie broeders in Pretoria aangewys is "bij provicie om den leeraar ook daar te

assisteeren". Op 8 April 1859 word twee van die drie te Pienaarsrivier bevestig.

- (b) Bladsy 40: Oor die verdeling "van onze kerk in onderscheidene gemeenten wordt besloten dat men in deze verdeling neit juist bij de burgerlike districten behoeft tge blijven".
- 6) Eerste Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Pretoria:

Op 24 Januarie 1863 hou die kerksraad van Pretoria 'n vergadering saam met die gemeente. Die notule van hierdie vergadering is opgeteken in die heel eerste notuleboek wat apart vir hierdie gemeente aangelê is.

Vraag: As die gemeente wel van 1859 af reeds bestaan het, waarin is die notules van al die vergaderings van die vorige vier jare opgeteken?

Antwoord: Ds. Postma het in sy eie handskrif die volgende aantekening gemaak in die notuleboek van die gemeente Soutpansberg:

Nota Bene! Voor het jaar 1863 bestonden buiten de gemeente Rustenburg geen schrifturen, maar sedert het begin dezes jaars, bovengenoemd, zijn alle de gemeenten meer op zich zelve geregeld en ook voorzien van hare eigene kerkelijke Schrifturen.

Met "schrifturen" word bedoel kerklike registers. "Oplettende argivaris het 'n afskrif van hierdie aantekening voor in Pretoria se eerste notuleboek geplak."

Ds. Postma, as enigste predikant van al die gemeentes, was die voorsitter sowel as skriba van die kerksraadsvergaderings van die gemeentes. Daar was net een notuleboek vir al die gemeentes saam, en ds. Postma het dit heen en weer saam met hom gedra.

Die notule van die vergadering van 24 Januarie 1863 begin met: "Gereformeerde Gemeente in het district Pretoria aan Pienaarsrivier". In hierdie notule is geen verwysing na stigting, verkiezing van ampsdraers, toesprake, ens. nie. Toe die gemeente die Volksraad genader het vir die skenking van grond, is geen melding gemaak dat die gemeente 'n onbekende, nuutgestigte gemeente is nie.

'n Baie belangrike aanduiding dat die gemeente ten minste reeds die vorige jaar, 1862, moes bestaan het, is artikel 8 van die notule. Daarin word vermeld van die verdeling van die "achterstallige van de kas des vorigen jaars.

- 7) Eerste Doopboek van die Gereformeerde kerk Pretoria:

Voorin die boek verskyn die volgende aantekening:

“Nota Bene! Allen die voor Januari 1863 bij deze gemeente zijn gedoopt, staan opgeschreven in het Algemene Doopboek van het Gereformeerde Kerk in de ZAR, hetwelk is gedeponeerd bij den Leeraar of kerkraad dier gemeente te Rustenburg.”

In die lidmateregister van die Waterberg-gemeente staan presies dieselfde inskrywing 9). Wat die gemeente van Soutpansberg betref: dieselfde “nota bene” op die eerste bladsye as in die boeke van Waterberg”¹⁰⁾. Let op die meervoude: bladsye, boeke, dus doop- sowel as lidmaat-registers. In die lig van die inskrywing in Rustenburg se notuleboek geld dieselfde vir die notuleboeke van ten minste Pretoria, Waterberg en Soutpansberg.

- 8) Prof J.P. Jooste nogeens: In sy toespraak op 27 Maart 1959 tydens die eeufees van die Gereformeerde kerk op Rustenburg, sê prof Jooste dat ds. Postma op die eersvolgende kerkraadsvergadering net nadat hy Transvaal deurreis het, gerapporteer het dat op die volgende plekke kerkraadslede bevestig moes word: Marico, Schoonspruit (in die distrik Mooirivier), Kliprivier en Pienaarsrivier (albei distrik Pretoria) ...” En verder: “In Mei (1859) het die gemeente Reddersburg tot stand gekom, en gedurende die volgende jaar die gemeentes in die Kaapkolonie, te wete Burgersdorp, Middelburg en Colesberg”¹¹⁾.

Jooste het nie in bostaande aanhaling die gemeente Pretoria wat ook in 1859 gestig is, by die naam genoem nie want hy het dit reeds gedoen toe hy gepraat het van die kerkraadslede wat te Kliprivier/Pienaarsrivier bevestig is.

In ‘n persoonlike gesprek met prof. Jooste oor hierdie aangeleentheid het hy gesê dat as ampsdraers verkieks en bevestig word wat die verantwoordelikheid het vir die herderlike versorging van lidmate op ‘n bepaalde plek of omgewing, dan is dit gemeentestigting.

Ek meen dat dit uit bovemelde getuienis duidelik behoort te wees dat die Gereformeerde kerk Pretoria (die Paul Kruger-kerk) in 1859 gestig is en wel op 8 April.

Op die reedsgenoemde vergadering van die kerkraad saam met die gemeente op 24 Januarie 1863 besluit die kerkraad om die Volksraad te vra vir

die skenking van "een welgelegen stuk grond ... voor het bouwen van eene kerk ...". As motivering vir sy versoek dui die kerkraad aan: "De Gereformeerde Gemeente van het district Pretoria acht het zeer in de belang van het algemeen, dat zij ook op het dorp Pretoria haar openbare godsdienst uitoefent, en wenscht ... aldaar voor zich een kerk te bouwen".

Die opskrif van die notule van 24 Januarie 1863 lui: "Gereformeerde Gemeente in het district Pretoria aan het Pienaarsrivier. Die eerste amspdraers is bevestig op 8 April 1859 aan die Pienaarsrivier. Op 24 Januarie 1863 word nog steeds gespraat en geskryf van "aan het Pienaarsrivier".

Moontlik is daar 'n kenner van die geskiedenis van Oud-Pretoria wat kan ligwerp op die vraag: Waar het die Gereformeerde Gemeente Pretoria sy eredienste gehou vanaf sy stigting op 8 April 1859 tot Oktober 1863 toe die hulpkerk op die huidige terrein in gebruik geneem is? En waar het die kerkraadsvergaderings plaasgevind - ook die een van 24 Januarie 1863?

'n Ander tergende vraag: Presies waar is "aan die Pienaarsrivier"?

Verwysings

- 1) B. Spoelstra: "Die 'Doppers' in Suid-Afrika 1760 - 1899."
- 2) G.C.P. van der Vyver: "Dirk Postma", bladsy 5.
- 3) J.L. Cachet: "Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika AD 1859 - 1909", bladsy 50.
- 4) Idem, bladsy 237.
- 5) "Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859 - 1959", bladsy 154.
- 6) Idem.
- 7) J.P. Jooste: "Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959", bladsy 59.
- 8) Van der Vyver, bladsy 326.
- 9) "Eeufeesgedenkalbum Klassis Waterberg 1859-1959", bl 19.
- 10) Idem, bladsy 22.
- 11) "Eeufees te Rustenburg", bladsy 30.

Waardevolle inligting en afdrukke uit notuleboeke verstrek deur ds. H.T. de Villiers, predikant van die Paul Krugerkerk.

DIE PAUL KRUGER-KERK 100 JAAR

Op die voorsy van die omslag van "Pretoriana" no. 109 staan 'n tekening deur argitek Hannes Meiring vervaardig van die Gereformeerde Kerkgebou aan Kerkstraat-Wes, in die volksmond die Paul Krugerkerk genoem. Dit is met sy welwillende toestemming oorgeneem uit sy boek "Pretoria 125" (d.w.s. 125 jaar oud), uitgegee deur Human & Rousseau te Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, in 1980, herdruk in 1981. Mnr. Meiring gee op p.54 van hierdie boek die volgende toelighting:

"Met die beesboerdery het dit nie altyd so goed gegaan nie. Maar in die jaar van die runderpes (1996) het die boere die hand diep in die sak gesteel om geld in te samel vir die nuwe Gereformeerde Kerkgebou (K 23, wesaansig) wat later bekend sou wees as die Paul Kruger-kerk. Ds. Petrus Postma was toe leraar. Klaas van Rijssse, assistent van Wierda, ontvang in Oktober 1895 opdrag om die nuwe kerkgebou te ontwerp. Hy was net £8,000 toegelaat vir die hele projek, maar president Kruger, self 'n lidmaat, het £2,500 uit eie sak geskenk en lidmate en weldoeners die res. Op 10 Oktober 1896 het president Kruger die hoeksteen gelê en op die Nagmaal-Sondag van 25 Desember 1897 is die kerk deur prof. Jan Lion Cachet ingewy."

Ongelukkig het die geld opgeraak voor die uurwerk vir die toering gekoop kon word, en latere restourasie sou 'n kabel tussen die oos- en wes-gewel verg. Laasgenoemde het begin sak, vermoedelik omdat die bakstene nie van danige hoe gehalte was nie. Maar die Paul Kruger-kerk is 'n pragtstuk, met sierlike verhoudings, treffende dakkonstruksie, 'n pragtige kansel wat deur die beeldhouer C.H. Eckhart ontwerp en in Rotterdam gemaak is, en die Sauer-orrel, wat van Hamburg ingevoer was vir die ou kerk en orgeplaas is hierheen. Paul Kruger se stoel staan nog langs sy vrou s'n onder die orrel, waar hulle in 1915 geplaas is. Die Kruger-kerk is op 7 September 1979 as nasionale gedenkwaardigheid verklaar."

Dit is dus op 10 Oktober 1996 100 jaar gelede dat president Kruger die hoeksteen van die kerkgebou geplaas het. Hy het somtyds op die kansel die woord tot die gemeente gerig. Die boek van L. Pennaing, "De Oorlog in Zuid-Afrika", deel I (uitgegee deur D.A. Daamen, Rotterdam, 1899, p.88), bevat 'n tekening van die president op die kansel van die kerk.

C. de Jong

THE TRANSNET HERITAGE FOUNDATION

deur Robert C. de Jong

Immediately south of the huge Braamfontein railway yard and a stone's throw away from where the first "Park Halte" was situated, a new steel and concrete structure is taking shape. This, when completed, will be the headquarters of the Transnet Heritage Foundation. Bordering Johannesburg's new Museum Afrika and in close proximity to other artistic and educational institutions, this area is in the process of becoming the "Newtown Cultural Precinct", and is destined to be the gateway to Gauteng's capital.

The new building for the Heritage Foundation is a concrete structure on two levels and crowning the top will be the restored (and partially rebuilt) original Johannesburg station. This glass and steel structure was imported from Holland and erected on the present site of Johannesburg station in 1897. It served as the main station building for the golden metropolis until 1952 when it was dismantled to make way for the new station. It is still to this day fondly remembered by the older generation as "Park Station".

The siting of the new headquarters is significant because not far from where it is now being erected, was the little wood and corrugated iron building, known as Park Halte which served the early Johannesburg mining community. Soon after the railway line between Boksburg and Braamfontein was opened on 17 March 1890 (the "Rand Tram") the NZASM authorities realised that Park Halte needed to be more closely situated to the Eloff Street area to serve the majority of Johannesburg's passengers. Thus in 1897, when the very attractive glass and steel structure was erected, it bordered on Rissik Street on the west and Hoek Street on the East.

A better and more appropriate site and building to house Transnet's new cultural centre can hardly be imagined. Here, for the first time, all the Company's priceless artifacts and cultural activities will find a home under one roof. It will also close a very long chapter in the search for a suitable place to portray Transnet's history and the role it played in the lives of every citizen of South Africa.

Suggestions for a Museum of Transport were made as far back as 1907, 1910 and 1911, but it was in 1920 that the (then) SAR & H Administration officially sanctioned the establishment of a museum for the collecting,

restoration and preservation of items dealing with our national transportation heritage.

The Museum started off under the enthusiastic leadership of Joseph Bennett, a clerk in the Ministry of Transport's offices in Pretoria. Bennett roamed the country and collected thousands of valuable items. He soon ran into a problem common to all museums: storage! When the SAR Administration commenced the planning of the huge central training complex at Kaalfontein (today Esselen Park) during the 1940's, it was decided to include a museum of transport where railway students and the general public could be educated in the history of South Africa's largest transportation undertaking.

Unfortunately, the war (1939-45) prevented the establishment of a museum proper. Bennett did succeed however in centralising the entire collection at Esselen Park where it remained until 1956. In that year the "Railway Museum" opened in Johannesburg under the Rissik Street bridge. It was during the war years that the first major restoration task was embarked upon: the excavation of the Umzimvubu river bank to find the historic locomotive which hauled the first train in South Africa on 26 June 1860. Today this locomotive, restored and in sparkling condition, stands in Durban station as a reminder of the pioneer days of railways in South Africa.

The sojourn of the Museum under the Rissik Bridge was also a temporary arrangement and in 1972 better accommodation was acquired when it moved into the old Johannesburg station concourse. This structure, completed in 1932, is still one of the most attractive examples of station architecture in South Africa. Surrounded by the Blue Room, once the most famous Johannesburg restaurant, various waiting rooms and the old public cafeteria, decorated with the equally famous blue tiles, the museum assumed an air of splendid elegance. What was missing from this seemingly perfect setting, was a home for the larger exhibits such as locomotives, coaches, road vehicles, cranes etc.

From 1981 to 1993, the railway administration as it was known since 1910, underwent fundamental structural changes. In 1981 the name changed to "South African Transport Services" and a process of commercialisation was set in motion to transform the Organisation from a state department to a business enterprise. This process was completed in 1991 when it received company status under the name Transnet Ltd. Structured along the lines of a modern corporation, Transnet now consists of a group of business units and service organisations interlinked through various management boards.

These changes also affected the Museum dramatically. During this period Spoornet phased out steam locomotive traction and the Museum became, almost overnight, the custodian of an exceptionally large steam fleet, thousands of spares, stores and a nationwide infrastructure which just recently had still served a large steam operation. In addition, other historic rolling stock was added and very large numbers of general items for preservation were acquired through subsidiaries which were in the process of closing down or being restructured. Priceless books and documents were brought together in what is now a fully operational reference library and in 1992 the estimated 200 000 official photographic collection of Transnet found a new home in the Museum.

Realising the necessity for putting all the Company's cultural assets into one basket, Transnet formulated an official cultural preservation policy and transformed the museum into a larger body, today known as the Transnet Heritage Foundation. The Foundation now consists of a museum, a preserved railway system (George - Knysna), a steam safari train operation in Cape Town, a picnic steam train service to Magaliesburg in Gauteng, a locomotive depot at Dal Josafat near Paarl and a memento shop in Johannesburg. In addition, the Foundation has vested interests in the steam locomotive depots at Krugersdorp and Voorbaai (near Mossel Bay). Throughout the country the Foundation supports private railway preservation clubs and cooperates with museums and other cultural institutions with aims similar to those of the Foundation.

The "Union Limited" Safari Train

The "Union Limited", now very widely known overseas and a major drawcard for tourists, takes its name from the SAR's crack Union Limited and Union Express trains introduced in 1922. These "Union" trains were the ultimate in luxury train travel and as the name indicates, were limited to only a few stops between Johannesburg and Cape Town, and first class passengers only. The name "Union Limited" was replaced after the world war (1939-1945) with "Blue Train". The "Blue" is still regarded as one of the finest trains in the world today.

The Union Limited of our days, now fitted with even more conveniences, is a prime example of Transnet's endeavours to make history alive through commercial application. A trip on this train is more than just a journey; it is in fact a nostalgic experience of the past, an exercise in broadening the mind.

The new Union Limited was put together from historic coaching stock for a unique train service some four years ago when the "Railway Museum" was

restructured. In the process, the Transnet Heritage Foundation was established and became curator also of Spoornet's fleet of phased-out steam locomotives. Because of the huge costs of preserving and maintaining such a vast asset, the Foundation, with generous assistance from the Company, launched its own train services of which the Union Limited is now the most prestigious. The income generated from the Union Limited tours and other excursion trains is solely used in offsetting part of the costs of preserving Transnet's cultural heritage.

In 1992 the Union Limited made history in becoming the first tourist train of modern times to enter Zimbabwe, visiting the spectacular Victoria Falls and other scenic areas such as the Hwange game reserve. This was at a time when political differences between the two countries were still very much at large. Since the breaking of new over-the-border ground, the Union Limited has made several return visits to Zimbabwe and also ventured into Swaziland. The train is based in Cape Town and although still used for two week steam safaris country-wide and over our borders, it now operates regularly in the Western Cape, over the route of the "Golden Thread" between Cape Town and Knysna.

The Magalies Valley Steamer

As a service to the Witwatersrand community, the Heritage Foundation operates special day excursion steam trains between Johannesburg and the little rural town of Magaliesburg. These trains are very sought after by weary city dwellers wishing for a day off in the country. At Magaliesburg station a recreation centre has been established in beautiful surroundings which include a stream which flows throughout the year. The locomotives and coaches are also utilised for special purposes such as to launch company functions and for other commercial activities such as the making of films, advertisements etc. A "Great Train Race" competition was successfully launched last year and this will now become a regular annual fete for runners to test their skills against the Puffing Billy.

The Outeniqualand Preserved Railway

As a last farewell to the age of regular steam operations in this country, Transnet declared the very scenic George-Knysna line in the Southern Cape as our national preserved railway. The line with all its infrastructure is now a cultural asset of Transnet and operates with modern as well as historic motive power, freight and passenger vehicles. Visitors to this line are able to experience rail travel as it was in years gone by when travelling on a train was regarded as

part of one's holiday rather than simply the means by which the holiday destination was reached.

At the terminus of the line is the historic town of Knysna which long ago boasted with a busy harbour. The location of the railway tracks at Knysna have always been a barrier between the town and the waterfront, making the waterfront somewhat inaccessible to the public. This however, is about to change with the Knysna Quays development project which is about to begin. This project, with the steam railway station as its focus, and also incorporating an hotel, shopping area and residential component, will integrate the waterfront with the town providing Knysna with a further tourist attraction which is expected to draw large numbers of additional visitors to the area. The redeveloped station will include an historic turntable for the turning of locomotives, while the station building will include upgraded passenger facilities as well as a museum.


The Museum

The nucleus of the Heritage Foundation remains settled in its museum activities. With such a long history and so vast a collection of artifacts from the past, the collection, restoration and exhibition of these items is an ongoing process. The present museum is still situated in the concourse of old Johannesburg station, but due to extensive renovations to this building now in process, the museum was regrettably, forced to close its doors to the public. The items now in storage will once again be on exhibition when the new headquarters of the Heritage Foundation are opened in Newtown.

In the meantime the Foundation's reference library and archive (housed in the South Station Building) on De Villiers Street continues to supply information of a large variety to an ever growing number of visitors, researchers, students and schoolgoing children.

The Memento Shop

The memento shop of the Heritage Foundation serves a specific need of the public and Transnet employees in providing items associated with the Company. These include literature such as books, pamphlets, postcards and general merchandise containing the logos of the various business divisions of Transnet. A large number of these items are acquired by tourists and people collecting "railwayana". The shop specialises in the supply of sound and video material on steam locomotives and trains.



Die voormalige stasiehal van die NZASM se Parkstasie in Johannesburg ontwerp deur die argitek Ir. Jacob F. Klinkhamer in Amsterdam, verplaas na Esselenpark en onlangs teruggebring naby die Parkstasie.

Foto C. de Jong, 1990

**LEWENSKETS VAN MEV. CECILE DE
RIDDER (PRETORIANA -
JULIE 1993)**

en

**KOMMENTAAR DEUR ANTON C. VAN
VOLLENHOVEN (PRETORIANA -
JULIE 1994)**

deur die Hoofbestuur van die Afrikaanse
Volksang- en Volksdansbeweging.

Die Hoofbestuur van die Nasionale Raad vir die Afrikaanse Volksang- en Volksdansbeweging het mnr. A. van Vollenhoven se kommentaar (Julie 1994) op 'n lewenskets van mev. C. de Ridder in "Pretoriana" van Julie 1993, bestudeer en besluit om kommentaar te lewer op elke stelling wat hy bevraagteken het.

1. Massa-optredes

Van Vollenhoven bevraagteken Searle se stelling dat die optrede tydens die Pretoriase Eeu fees van 1955 "die grootste massavertoning van volkspiele wat ooit aangebied is" was. Eersgenoemde weerspreek hierdie stelling met die woorde: "Die geleenheid kan nie as die grootste vertoning gesien word nie aangesien 'n groter aantal deelnemers aan die vertoning tydens die Van Riebeeckfees in 1952 deelgeneem het" - bladsy 62.

Searle se stelling verwoord mev De Ridder se belewenis van beide vertonings in Kaapstad en Pretoria. Dit het nie vir haar gegaan of daar by die een meer of minder volkspelers of deelnemers as by die ander opgetree het nie. Trouens Dr. C.J.P. Jooste meld in sy D.Phil-proefskrif "Die Geskiedenis en Kulturele Betekenis van die Volkspelebeweging in Suid Afrika" - 'n bron wat herhaaldelik deur van Vollenhoven as verwysing aangehaal is - op bladsy 143 met betrekking tot die Van Riebeeckfees" dat dit nie moeilik (was) om hierdie keer 3000 volkspelers te betrek nie" en op bladsy 166 met betrekking tot die Pretoriase Eeu fees dat "drieduisend volkspelers van geaffilieerde laers uit alle dele van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Rhodesië ... aan die grootste vertonings

deelgeneem (het)" - beide is aanhalings uit koerantberigte. Wanneer die detailgetalle wat in dieselfde proefskrif vervat is, egter in beide gevalle bymekaar getel word, blyk dit dat daar meer deelnemers in Kaapstad as in Pretoria was. Hiervan was mev. De Ridder al die pad deeglik bewus. Die statistiek (getalle) onder verwysing het sy self bygehou en gebruik in haar verskillende tablobeplannings en aanbiedinge daarvan. Elke tablo is in die fynste besonderhede in argitekstekeninge uitgebeeld.

In Pretoria is die vertoning vier keer aangebied teenoor die twee keer in Kaapstad. Daarby het twee duisend laerskoolvolkspelers ook tydens die Pretoriase Eeu fees met 'n massavertoning op die Caledoniese terrein aan die program deelgeneem. Hoe dit ook al sy, vir mev. De Ridder was die vertoning tydens die Pretoriase Eeu fees die grootste. Vir haar het dit oor die inhoud en impak gegaan. Benewens die massavolkspelevertoning was daar twee tablo's teenoor die een in Kaapstad.

Van Vollenhoven het die betekenis van die woord grootste letterlik volgens getalle wat nie drasties van mekaar verskil nie, geïnterpreteer waarvoor hy waarskynlik nie verkwalik kan word nie - Searle daarenteen het die grootsheid van beide vertonings vergelyk soos mev De Ridder dit beleef het.

2. 1946 - Jakarandafees

Van Vollenhoven het beswaar teen Searle se stelling dat die optrede van 1946-Jakarandafees die Volkspelebeweging "kon maak of breek" in die lig daarvan dat 'n vertoning van volkspele voor die 1940-sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S. reeds hierdie doel gedien het. - bls 62.

Hiermee saam insinueer hy dat die "eerste groot volkspeleskouspel wat tydens die 1946-Jakarandafees op die Caledoniese sportterrein in Pretoria aan die publieke feesgangers en die media as deel van die amptelike feesprogram deur 800 (plus) volkspelers vertoon is, dieselfde - of dalk 'n mindere - impak sou gehad het as 'n uittoetsvertoning deur 500 volkspelers op die spoorwegsportterrein in Bloemfontein vir die Sinodegangers van die N.G. Kerk van die Vrystaat, wat in Bloemfontein vir die Sinodesitting vergader het. Die doel daarmee was om "die goedgesindheid van die Kerke" te bekom sodat die Beweging sy gang kon gaan; of anders gestel, dit was 'n vertoning wat die

Volkspelbeweging kon maak of breek soos Van Vollenhoven dit in sy vergelyking uitgedruk het.

Dit is tog baie duidelik dat ons hier met twee aanvullende tipe episodes in die Volkspelegeskiedenis te make het. Die een moes die toets van die Sinode deurstaan om vryelik te kon ontwikkel terwyl die ander die toets van die toeskouerspubliek moes deurstaan om as 'n gewilde programaktiwiteit van grootskaalse openbare feeste aanvaar en erken te word. Dit moet onthou word dat mev. De Ridder reageer het op 'n amptelike versoek van die destydse Direkteur van Publisiteit van die Stadsraad van Pretoria en dat mev. De Ridder dit met die nodige verantwoordelikheid as 'n uitdaging aan die Beweging (nie aan haar nie) gesien het en dat sy dus hierdie eerste vertoning van dié aard "n absolut beslissende vertoning" vir die volkspelbeweging moes maak. Sou sy misluk het, sou volkspel sy plek op toekomstige feesprogramme kwyt gewees het!! Hierdie saak is dus nie 'n miskenning van die Sinodegebeure nie maar was ook self van deurslaggewende belang want 'n mislukking sou 'n klad op die Beweging (volkspel) geplaas het met verwagte afbrekende gevolge.

3. Volkspel is in 1953 vir die laaste keer tydens 'n Jakarandafees vertoon

en

Volkspel is in 1954 vir die laaste keer tydens die Randse Paasskou vertoon

Van Vollenhoven wys daarop (bls 62) dat latere vertonings wel by beide geleenthede gelewer is en dat Searle se stellings nie korrek is nie. Hier is van Vollenhoven korrek.

4. Volkspelkursusse vir Hoërskoolleerlinge (Pellissierweek) en vir Laerskoolleerlinge (Judith Pellissierweek)

Searle maak die stelling dat daar in 1982 begin is met volkspelkursusse vir hoërskoolleerlinge onder die naam Pellissierweek en in 1984 met volkspelkursusse vir laerskoolleerlinge onder die naam Judith Pellissierweek. Van Vollenhoven sê op bladsy 62/63 Searle skep die indruk dat die gemelde kursusse die eerste kursusse vir onderskeidelik hoër-en laerskoolleerlinge was. Dit is natuurlik nie wat Searle gesê het nie. Van Vollenhoven maak die fout dat

hy nie die betrokke sin in sy volle verband gelees en geïnterpreteer het nie - hy ignoreer naamlik die belangrike koppeling "onder die naam Pellissierweek/Judith Pellissierweek". Dit beteken eenvoudig daar kan ander kursusse wees wat nie onder die naam Pellissierweek/Judith Pellissierweek aangebied word nie.

Die feit dat Searle na kursusse "onder die naam..." verwys, beteken juis dat dit andersoortige (spesiale) kursusse is.

5 Handleidings

Van Vollenhoven is reg as hy daarop wys (bls 63) dat slegs 7 van die 33 spele in die Reddingsdaadbond se Volkspelehandleiding van Sweedse oorsprong was. Searle is dus verkeerd as hy sê dat die 33 spele grotendeels van Sweedse oorsprong was.

6. Die A.V.V.B. - 'n Handelsvereniging

Van Vollenhoven is reg as hy aantoon (bls 63) dat die Beweging bloot in 'n Artikel 21 Maatskappy omskep is en dat dit nikks met die betreding van die handelsterrein te make het nie.

7. Volkspiele of Volksdanse

Van Vollenhoven kritiseer mev. De Ridder se standpunt dat daar eerder van "volkspiele" as volksdanse" gepraat behoort te word - (bls 63-65).

Dit kan nie wegredeneer word dat daar geldige argumente vir en teen beide benamings is nie maar per slot van sake praat ons in beide gevalle van dieselfde aktiwiteit.

Mev. De Ridder lê klem op die woord "oorsprong"; d.w.s. die wordingsera. Sy koppel die woord volkspiele heeltemal tereg aan destydse piekniekspele wat in 'n ontwikkelingsproses van "kinderlike speletjies" na "hofmakery" oorgegaan het toe die belangstelling in pieknieks verflou het. Hierdie geskiedkundige verloop kan nie deur van Vollenhoven, of wie ook al, ontken word nie; al het dit gebeur dat slegs enkele volkspiele (of Afrikaanse Volksdanse) veral onder die nuwere spele afgewyk het van die gebruiklike hofmakery.

Sy het ook verwys na Dr Pellissier se ondubbelinnige uitlating aan haar dat "hy die grondslag (my onderstreping) van ons volkspiele by ons eie piekniekspeletjies gevind het. Hy het dit self volkspiele genoem."

Die waarheid hiervan is bevestig deur Dr. C.J.P. Jooste in sy vroeër gemelde proefskrif waarin hy op bladsy 20 die volgende geskryf het: "Volgens 'n persoonlike mededeling (aan Dr. Jooste) deur Dr. Pellissier, gewese Voorsitter van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, het hy die begrip "Volkspele" soos ons dit vandag ken, vir die eerste keer gebesig toe hy in 1914 van Europa af teruggekeer het en na die Afrikaanse Piekniekspele verwys het. Dié woord het dus sy oorsprong by hom in die sin, wat ons dit vandag met betrekking tot die Afrikaanse Volkspele gebruik".

Mev. De Ridder, Dr. Jooste en les bes Dr. Pellissier kan hulle tog sekerlik nie almal skuldig gemaak het aan "verdraaiing van die werklikheid" nie soos Van Vollenhoven dit op bladsy 64 in sy kommentaar m.b.t. mev. De Ridder se vertelling, as 'n beweerde feit gestel het.

Van Vollenhoven maak die fout dat hy net 'n deel van die volle waarheid beklemtoon, nl. die gedagte wat by Dr. Pellissier opgekom het toe hy in 1912 as student in Swede die beoefening van Europese volksdanse in nasionale drag gesien het. Dit was veral die Sweedse volksdanse wat hom aangegegryp het. Hy sou graag iets soortgelyks vir die Afrikaanssprekende volk wou hê. Dié gedagte het toe aldaar reeds direk aansluiting gevind by sy eie volk se piekniekspele. Vir hom was dit die aangewese vorm waarin Afrikaanse "Volksdanse" gegiet moes word.

In die televisie-aanbieding van "Waar Tafelberg begin" het hy in 1981 self die verhaal vertel:

"Hulle volkspele (volksdanse soos hulle dit nou noem) stem ooreen met ons s'n. Elke liedjie word gesing terwyl jy dit speel."

Elke aand het ek gedink ... in my eie land het ons ook mos "Pollie ons gaan Pêrel toe", "Vanaand gaan die Volkies koring sny" en al daardie ander wat ons op die pieknieks gespeel het. As ek teruggaan, gaan ek hulle almal uit die ashooop uithaal en regmaak.

Toekom, het ek gesien ons mense stel nie so baie belang in ons eie nie en ek het toe 'n paar ... drie (vier) van die Sweedse spele vertaal in Afrikaans. "Boemfaderalla" was een en die ander was "Eendag toe ek gaan wandel in 'n mooie groene tuin" en die derde was "Ses wakker meisies" en "Nikkie-Dikkom Dei". Ek het hulle vertaal in Afrikaans en ek het die musiekboekie met

die musiek gehad en ons het dit op Boshof gespeel en dit het ons soos veldvure aangeslaan.

Hierdie Sweedse spele was maar net van die voorbokke. Toe speel ons al ons eie spele."

'n Samevattende feit is dus dat Dr. Pellissier self by verskeie geleenthede daama verwys het dat hy reg aan die begin reeds die benaming "volkspele" gebruik het en nêrens eers die woord "volksdanse" genoem het nie. Selfs toe hy die vertaalde Sweedse volksdanse laat "speel" het, het hy dit "Swedish games" en nie "Swedish dances" genoem nie. Vir hom was die natuurlike woord dus "volkspele". Hierdie benaming sou toevallig 'n oplossing bied vir die probleem met die Afrikaanse Kerke wat sterk gekant was teen dans in die gewone sin van die woord en vir wie die benaming "volksdans" waarskynlik ook nie maklik aanvaarbaar sou wees nie. Dit is dus duidelik dat Dr. Pellissier nooit die woord "volkspele" uitgedink het spesifiek met die doel om by die Kerk verby te kom nie!

Opsommend kan dus gesê word dat Sweedse volksdanse vir Dr. Pellissier die inspirasie was om volkspele (Dr. Pellissier se eie woord) tot stand te bring.

Daar kan dus geen sprake wees dat mev. De Ridder haar aan "die verdraaiing van die werklikheid" skuldig gemaak het nie. So 'n valse beskuldiging en sulke krutaal is totaal onaanvaarbaar, veral omdat dit die beeld, status en persoon van mev. De Ridder onregverdiglik aantas. Sy was 'n besielde volkspelelidster en is tans nog in lewe, 94 jaar oud en nog by haar volle verstand. Sy verdien dit beslis nie.

Die verste wat Van Vollenhoven kon gegaan het, was om sy vertolking van die ontstaan van volkspele teenoor dié van mev. De Ridder te gestel het, soos wat hy trouens gedoen het maar sonder om haar valslik van onwaarhede te beskuldig.

8. Foutiewe aanhaling van titel "Die Afrikaanse Volksang- en Volkdansbeweging 50 jaar (1941-1991)

In Searle se aanhaling verskyn die woord "volkspelebeweging" in plaas van "volksdansbeweging".

Lugiesgesproke is 'n fout in die aanhaling iets wat per abuis moes gebeur het. Dit sal mos dwaas wees om doelbewus so 'n opsigtelike fout te maak.

Hiereenoor verwys Van Vollenhoven sonder meer na die bogemelde fout as "Die foutiewe aanhaling hiervan laat die indruk dat die skrywer nie objektief is nie".

Hierdie gevolgtrekking is huis subjektief. Dit kan baie waarskynlik 'n blote skryf- of tikfout wees.

9. Van Vollenhoven se samevatting

Hierin word die artikel in sy geheel afgebreek tot die vlak dat dit van nul en gener waarde is. Hy sê nie alleen dat dit "duidelik" is dat Searle en De Ridder sekere inligting (d.w.s. dié wat hy bevraagteken het) foutief weergegee het nie maar hy skiet die artikel verder in sy geheel af deur te beweer dat "meer foute as dit wat bespreek is, uitgewys (kan) word". Hierdie inhoudlose aanval trek 'n streep dwarsdeur die artikel in sy geheel want die leser word hierdeur geen ander keuse gelaat as om die totale artikel as onwaar en onbetroubaar te beskou nie.

10. Samevatting

Uit bestaande blyk dit dat die oorgrote meerderheid foute waarna Van Vollenhoven verwys het, geensins foute was nie. Dit is moontlik dat sy interpretasies mag verskil maar mev. De Ridder hou haar die reg voor om haar eie persoonlike lewenservarings, die leidende rol wat sy in ons volkspele geskiedenis gespeel het met haar gepaardgaande interpretasies so lewensgetrou moontlik te skets.

-o-

Alphabetical Register on "Pretoriana" and "Newsletter" on sale

Mr T.E. Andrews, a member of the committee of our Society and editor of the monthly "Newsletter", has composed an Index and Alphabetical Register on issues nos. 74 to 100 of "Pretoriana" and on the issues numbers 31-65, 66-92 and 93-115 respectively of the "Newsletter". He has done a time-consuming and very deserving work. 50 copies of his Index have been photostated and bound in a paper cover. It is an extensive book of 168 pages, size A4. It is on sale at only R15,00 plus R3,00 postage. The book was financed by a special grant of one of the sponsors of our Society. It is to be ordered from the Secretary of our Society, PO Box 4063, Pretoria 0001.

The Editor

MEVROU CECILE DE RIDDER VEREERD

Op 5 September 1996 het die voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) mnr. Chris Swanepoel 'n prestige-toekenning vir Afrikaanse Kultuurdiens aan mevrou Cecile de Ridder oorhandig. Sy word naamlik die "Moeder van die Afrikaanse volkspele" genoem. Die byeenkoms is belê in die Menlo Lane Gastehuis in die 13de Straat no. 28, Pretoria. Dit is bygewoon deur kinders en vriende van mevrou de Ridder. Die bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria was verteenwoordig deur die oudvoorsitter Dr. N.A. Coetzee en Dr. C. de Jong en hul eggenotes. Dr. Jannie Pieterse, ondervoorsitter FAK, het geopen met gebed, mnr. Hennie de Wet, hoofuitvoerende beampte FAK, het die aanwesiges verwelkom. Mnr. Swanepoel het die toekenning oorhandig na die commendatio en mevrou de Ridder, 95 jaar, het geantwoord en bedank in 'n toespraak vol herinneringe aan haar deelname in die volkspele. Haar toespraak en haar heldere stem en boeiende voordrag sonder aantekeninge was bewonderingswaardig.

Mnr. R. Searle het 'n "Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder, pionier en leidster van ons eie Afrikaanse volkspele", gepubliseer in "Pretoriania" no. 103, Julie 1993, p.37-76.

Hierna volg die commendatio vir mevrou de Ridder.

CECILE HENDRIKA JOHANNA DE RIDDER (GEBORE PUNT)

Cecile de Ridder is op 15 November 1901 te Arnhem, Nederland gebore. As 15-jarige dogter het sy reeds 30 kinders afgerig wat die eerste was om die Meipaal, die vleg en ontvleg van linte aan te durf.

Sy en haar suster het onder leiding van haar moeder, baie bekendheid in Pretoria verwerf vir hulle dansuitvoerings in die ou Opera Huis. Op hierdie wyse het hulle fondse ingesamel vir verskeie liefdadighedsinstellings soos die Helpmekaarfonds, Kindersorg en St Dunstans.

In 1941 is sy deur die Sosiale Klub van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos afgevaardig om die eerste Volkspalekursus in Heidelberg by te woon. Hier is haar liefde vir Volkspele gebore wat haar vir die res van haar tewe begeester het en haar die benaming laat verwerf het van 'Moeder van die Volkspele'.

Sy is baie gou as Leidster van die landswye Volkspelebeweging gekies en het op eie koste altesaam 37 kursusse oor die hele Suid-Afrika en in Rhodesië begin aanbied.

Cecile de Ridder se ywer, dissipline, goeie afwerking, vars benadering, grootstaalse visie, aanvoeling vir detail en hoflike sjarme het outomatis meegebring dat sy in 1949 reeds die volkspele massa-aanbieding behartig het toe die Voortrekkermonument ingewy is. Van al die vertonings wat onder haar leiding gegee was, was dié vertoning die grootste en

indrukwekkendste. Eenduisend negehonderd en sewentig Volkspelers vanoor die hele land. Suidwes-Afrika en Rhodesië het hieraan deelgeneem en tydens die vertoning is 'n reuse ossewatablo gevorm met bewegende wiele. Die bekende Amerikaanse joernalis van "Life", Margaret B. White, het na die vertoning in verbasing te kenne gegee dat sy nêrens in die wêreld iets gesien het wat daarmee vergelyk kon word nie.

Bewenens baie artikels het sy ook twee boeke oor Volkspelé die lig laat sien - "Nuwe Spele" en "Ons eie Spele". Laasgenoemde, waaraan sy drie jaar gewerk het, kan as 'n standaard werk oor Volkspelé beskou word. In 1958 het sy ampelik uit die Volkspelbeweging getree, maar sedertdien is sy nogtans deur baie skole genader om leiding te gee en laers op die been te bring.

Maar Cecile de Ridder het nie eer en beloning gesoek nie.

Deur haar toedoen is die Peter Cruse Ouditorium op Worcester beslag gegee, is musiekinstrumente as beurse aan daardie blinde skoliere toegeken, en het 26 handklokke hulle weg eweneens na die musiekskool aldaar gevind.

In 1945 het die Reddingsdaadbond aan haar 'n goue horlosie geskenk, in 1949 het sy 'n goue medalje van die Uniale Raad vir Volksang en Volkspelé ontvang. Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het haar in 1950 met hulle Erepenning bekroon. Uit Vlaandere is sy in 1953 met 'n Oorkonde vereer. Die Stadsraad van Pretoria het haar in 1955 met 'n goue gedenkmedalje gehuldig. Die Verwoerburgse Kultuurraad het hulle Oorkonde in 1978 aan haar toegeken: soortgelyk die Erica Volkspelaer in 1987, en die Pretoriase Kultuurraad in 1988.

Die Orde van Commandeurs van die Stigting Jan van Riebeeck is in 1988 aan haar toegeken, en in 1991, op 90 jaar, 'n Oorkonde van die Afrikaanse Vroue-Kernkrag.

Dit is vir die **FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE**
(FAK)

'n voorreg en dankbare vreugde om aan

CECILE DE RIDDER

vanjaar sy Prestige Toekenning vir Afrikaanse Kultuurdiens
te laat toekom.

VOORSITTER
FAK

EKSOTIESE BEELDE: PAASEILAND IN PRETORIA

deur C.de Jong

Sedert twee jaar is Pretoria 'n merkwaardige beeld ryk aan die Wilhelminalaan by Magnoliadel. Dit is 'n mensekop van ongeveer 2 meter hoog met 'n baie smal vooraansig. Die beeldhouer is mnr. Anton Smit van Pretoria. Hy het in Augustus 1996 nog 'n paar beelde met dieselfde vorm uitgestal by die BMW Customer Centre op die suidweshoek van Lynnwoodweg en Brooklynweg. Ek het mnr Smit gevra na sy inspirasiebron vir sy beeld. Mnr Smit se werke herinner my aan die uiters merkwaardige beeld op die Paaseiland. Hy het my gesê dat my aanname juis is en dat die beeld op Paaseiland hom geïnspireer het. Daarom het hy sy beeld aan Wilhelminalaan "Passover" genoem. Dit is die Engelse benaming van die Joodse Paasfees. Toevallig is daar digby in die Maggiestraat 'n tehuis vir Joodse bejaardes.

Paaseiland is 'n klein vulkaniese eiland, slegs 118 vierkante kilometer, 3700 km van die kus van Chili. Daar is enkele uitgedooofde vulkane, baie min bome, growwe gras waarop talle skape en perde en enkele beeste graas en ruim 1000 bewoners. Die eiland is op Eerste Paasdag 1722 ontdek deur die Nederlandse vlootvoog Jacob Roggeveen. Hy het die vreemde beeld opgemerk, wat nou nog die eiland wêreldbekend maak.

Die tweede Europese besoeker was die Brit James Cook op sy tweede ontdekkingsreis in 1771-76. Die eiland heet in Engels Easter Island, in Frans Ile de Pâques, in Polinesies Rano Rataka. Dit is waarskynlik enkele eeuë na Christus bevolk vanuit die Marquesas, die Markiesin-eilande. In 1862 het mense uit Peru 1000 van die 3000 bewoners ontvoer om in Chili ghwano te ontgin. Die regering het enkele jare later 'n paar honderd teruggestuur, maar hulle het kinderpokke saamgebring en die ongelukkige eilanders verder uitgedun tot na bewering 111. Daarna het die aantal weer stadig toegeneem. In 1888 het Chili die eiland geanneksieer en jaarliks 'n marineskip met voorrade gestuur en die wolopbrengs (naas soevenirs die enigste uitvoerproduk) afgehaal. Tans is daar 'n vliegveld vir besoekers.

Die vroeëre kuns van die bewoners het klein beeld en voorwerpe in

Polinesiese styl en tombes van klip wat aan Peru herinner, opgelewer. Ook besit hulle 'n ou skrif op plankies, die enigste skrif in Polinesië. Die opvallendste is die reusagtige beelde van menselike gestaltes sonder bene, waarvan meestal slegs die koppe bo die grond oprys. Daar is ruim 600 van hulle oor die eiland verspreid in alle stadia van bewerking. Sommige het 'n silinder van klip op die kop gedra. Hulle is met byle van basalt uitgehak uit sagtere tufsteen (elders andesiet genoem) in een van die kraters, weggesleep en elders opgerig met behulp van klipstapels en baie mankrag met die gesigte landinwaarts gedraai. Die beelde weeg etlike tonne en is tussen een en 20 meter hoog. Hulle is tussen 1000 en 1600 n.C. opgerig, dus nie lank geleden nie. Sommige is omvergegooi, andere onvoltooi. Sommige historici in ons tyd skryf dit toe aan stryd onder die eilandbewoners.

'n Raaisel bly die doel van die oprigting van so baie beelde deur so 'n klein en arm bevolking, uniek in die wêreld. 'n Aanneemlike verklaring is dat die beelde opgerig is om voorouers te vereer. Die huidige bewoners weet niks van die beelde af nie en ken slegs die sage van 'n pionier Hotu Matu wat in 'n kano met volgelinge uit die weste gekom en op die eiland geland het.

Die vorm van die beelde is baie eenvoudig, selfs primitief. Maar hulle maak diep indruk op Westerlinge danksy hul gesigte wat ernstig en trots voor hulle uitstaar en volgens sommiges die spore dra van die ontberings wat die bewoners dikwels gely het. Dieselfde gelaatsuitdrukking sien ons op die werke van mnr Smit in Pretoria.


Bronne

Howard Lafay, "Easter Island and its mysterious monuments", in "National Geographic", vol.121 no. 3, February 1962, p.90-117.

Artikel "Paaseiland" in "Kennis, Die eerste Afrikaanse ensiklopedie in kleur", deel 10, Human & Rousseau, Kaapstad-Pretoria, jaar?, p?


Artikel "Easter Island" in "The Encyclopedia Americana, International edition", Grolier Inc., Duxbury, Conn., jaar? p.561-563.

Jean Guiart, "The arts of the South Pacific", translation by A. Christie, Thames & Hudson, 1963, p.370-372.



83

Links sleep bewoners van Paaseiland blokke klip, al dan nie as beeld bewerk, uit klipgroewes in 'n vulkaan aan. Regs trek hulle met behulp van klipstapels en talle takels die beeldbe regop.
Uit artikel "Paaseiland" in "Kennis, die eerste Afrikaanse Ensiklopedie in kleur", by Human & Rousseau, Kaapstad-Pretoria, jaarr? deel 10.



84

Beeld van Anton Smit aan Koningin Wilhelminalaan in Nieu Muckleneuk, sy-aansig en vooraansig. Die foto's toon die beeld nadat dit besmeer en skoongemaak is. By die skoonmaak is die plaat met opskrif op die voetstuk verwys. Die opskrif het gelui: Dic SA Kunsvereniging (Noord-Transvaal)/The SA Association of Arts (Northern Transvaal).
Foto C. de Jong 1995

ONTDEKKERSNAME IN DOORNPOORT - SCOTT EN SY SKIP "DISCOVERY VI"

deur C. de Jong

Een van die nuutste noordelike voorstede van Pretoria heet Doornpoort. Die strate daar is vernoem na blom- en boomsoorte en onlangs in groot verskil daarmee na bekende ontdekkers. Die Ontdekkerstraat dui die ontdekkers as groep aan. Hier volg 'n kort toelingting op ander name in Doornpoort in alfabetiese volgorde:

Columbus - dit is Cristoforo Colombo, ca. 1446-1506, van Genua, admiraal in diens van die Spaanse kroon en ontdekker van eilande en kuste in die Caribiese See wat hy sy lewe lank as Oos-Asië beskou het.

Darwin - dit is Charles Darwin, 1809-82, Brits natuurgeleerde; hy dank sy naam as ontdekker aan sy verslag van sy vyfjarige wêreldreis op die navorsingskip 'Beagle', 1837-42, en is ook bekend as ontwerper van die evolusieteorie.

Dias - dit is Bartolomeu Dias, 14...-1500, Portugese seeman, ontdekker van die Kaap die Goeie Hoop in 1488, het Asië nie bereik nie en onder seil daarheen in 1500 omgekom op 'n volgende reis.

Drake - dit is Francis Drake, ca. 1540-96, Britse admiraal wat as kaper om die wêreld geseil het, die Kaap die Goeie Hoop "the fairest Cape on Earth" genoem en die Spaanse Armada in 1588 verdryf het.

Hannibal - 247-182 v.C., Cartaagse veldheer, het oor die Alpe Italië binnegeval en Rome ernstig bedreig; hy behoort egter nie tot die groot ontdekkers nie en is vermoedelik verwarr met:

Hanno, oorlede ca. 480 v.C., Cartaagse admiraal en ontdekker wat volgens twyfelagtige bewering langs Wes-Afrika tot Sierra Leone gevaar het.

Hudson - dit is Henry Hudson, 15...-1611, Engelse skipper en ontdekker in die Noordpoolsee en by die ooskus van Noord-Amerika, waar hy die Hudsonrivier ontdek het.

Livingstone - dit is David Livingstone, 1813-75, Skotse sendeling en ontdekkingsreisiger in Suider- en Middel-Afrika.

Magellan - dit is Fernão de Magalhães, ca. 1480-1521, Portugese admiraal en ontdekker in diens van Portugal en Spanje, ontdekker van Straat Magalhães en eerste Europeër wat die Groot Oseaan oorgeseil het.

Peary - dit is Robert Edwin Peary, 1856-1910, ontdekker uit die Verenigde State wat ses reise na Groenland onderneem en op die laaste reis die Noordpool op 7 April 1909 bereik het.

Polo - dit is Marco Polo, 1254-1324, reisiger uit Venesië, het oor land na China gereis en oorsee teruggekeer na Venesië, skrywer van 'n uitvoerige reisverslag.

Ten slotte Scott - dit is Robert Falcon Scott, 1868-1912, Engelse marine-offisier en Suidpoolontdekker op die skip 'Discovery VI' , het met vier metgeselle nadat hulle die Suidpool op 18 Januarie 1912 bereik, in die Suidpoolland omgekom. 'n Eenvoudige gedenkteken vir hom staan aan die Heerengracht in Kaapstad. Onlangs het in Engeland 'n goeie boek oor Scott en sy skip verskyn.



EMBLEEM van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria.